DIE AANPASSING EN UITBREIDING VAN DIE VERTEENWOORDIGINGSREG TEN

EINDE DIE MAATSKAPPY AS AFSONDERLIKE REGSPERSOON TE PAS

96

deur

GERHARD JOHANN RETIEF

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER LEGUM

aan die

UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

University of Cape Town

STUDIELEIER:

PROF. M.S. BLACKMAN

JUNIE 1993

NOTA: "Research dissertation presented for the approval of Senate in fulfillment of part of the requirements for the degree of Master of Laws in approved courses and a minor dissertation. The other part of the requirement for this degree was the completion of a programme of courses."

The University of Cape Town has been given the right to reproduce this thesis in whole or in part. Copyright is held by the author.

University of Cape Town

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

## CORRIGENDA

1. Die woord "aan" ná voetnoot 29 in die hoofteks op bladsy 17 word geskrap.

2. Die woord "deurgans" in voetnoot 9 op bladsy 45; asook op bladsy 48 word gespel "deurgaans".

**GERHARD JOHANN RETIEF**

OPGEDRA AAN

MY VROU

*Kobie*

EN

ONS TWEE SEUNS,

*Hanri en Rikus*

## SUMMARY

The General Laws of Agency do not supply a full answer in circumstances where the principal is a company. These laws have undergone certain changes and extentions to suit the company which, as principal, cannot perform any act, by reason of the fact that it is a fictious entity. These changes were brought about by the English *Doctrine of Constructive Notice* and the *Turquand Rule,* as well as *Section 36* of the Companies Act (Changes); and the *Doctrine of Estoppel* (Extention).

Abolition of the *Doctrine of Constructive Notice* and the *Ultra Vires Doctrine* is pleaded on the one hand and the retention of the *Turquand Rule,* which must be kept distinct from *Estoppel*, on the other. Contracting with companies will hereby be simplified and become more practical. This will bring our company law on par with modern company law developments, especially those of England.

G. J. R.

**OPSOMMING**

Die Algemene Beginsels van Verteenwoordiging kan nie al die antwoode verskaf waar die prinsipaal 'n maatskappy is nie. Hierdie beginsels het 'n proses van aanpassing en uitbreiding ondergaan aangesien die prinsipaal nie self die handeling kan verrig nie. Dit is bewerkstelling deur die Engelsregtelike *Leerstuk van Toegerekende Kennis*, die *Turquand-reël*, en *Artikel 36* van ons Maatskappyewet (Aanpassings), en die *Leerstuk van Estoppel* (Uitbreiding).

Eendersyds word die afskaffing van die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* en die *Ultra Vires-leerstuk*, en andersyds die behoud van die *Turquand-reël*, wat duidelik onderskei moet word van *Estoppel*, bepleit, om konstraksluiting met die maatskappy te vereenvoudig en prakties meer uitvoerbaar te maak. Dit sal ons maatskappyereg ook in lyn bring met moderne maatskappye-ontwikkelings oorsee, veral dié in Engeland.

G. J. R.

## AFRIKAANS AS REGSTAAL

Ten opsigte van die onmisbaarhaid van Afrikaans vir die regsgeleerde in Suid-Afrika, sê Viljoen, F.J. in 1992 *De Jure* 439 op 442 "In die regswetenskap as vakgebied neem Afrikaans 'n sterker plek in as die meeste ander vakdissiplines. Afrikaans het oënskynlik 'n plek. *Daarsonder kán die regsgeleerde nie."* (my kursivering)

# VOORWOORD

My idee vir die skryf van hierdie skripsie ontleen ek aan 'n artikel in die Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg deur Dr. M.J. Oosthuizen, tans Senior Regsadviseur te Ou Mutual, Pinelands, met die titel: AANPASSING VAN DIE VERTEENWOORDIGINGSREG IN MAATSKAPPYVERBAND, wat gedurende 1979 verskyn het.

Behalwe die gewone standaardnaslaanwerke oor die Maatskappye- sowel as die Verteenwoordigingsreg (in die Suid-Afrikaanse en Engelse reg), wat moes dien as fundamentele navorsingsmateriaal, is veral gebruik gemaak van Dr. M.J. Oosthuizen se Doktorale proefskrif oor die *Turquand-reël* (1976), Me. M.E. Grobler se *LLM-Skripsie* oor *'n Ondersoek na die voortgesette behoud van die Leerstuk van Toegerekende Kennis in die Maatskappyereg* (1988) en Prof. M.L. Benade se Doktorale proefskrif oor die *Ultra Vires-leerstuk* (1964); asook 'n verskeidenheid van artikels in regstydskrifte en hofsake.

Laasgenoemde bronne was verkrygbaar in die Regsbiblioteek van die Universiteit van Kaapstad. Ek is my opregte dank verskuldig aan al die personeel, en spesifiek Mev. P. Snyman, vir die bystand wat hulle verleen het.

By die voltooiing van my studies, die kursuswerk waarvan alreeds gedurende my leerklerkdae afgehandel is, wil ek ook graag my dank aan die Prokureursfirma Malan, Laäs en Scholtz Ingelyf van Bellville oordra vir die studieverlof aan my toegestaan ten einde my skripsie te voltooi.

'n Verdere woord van dank aan Mevv. A. Rall en L. Winterbach wat verantwoordelik was vir die tik en tegniese versorging van die manuskrip.

Laastens wil ek my vrou bedank vir haar aansporing om hierdie skripsie te skryf.

o O o

# INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 1

1.1 INLEIDENDE OPMERKINGS 1

1.2 WERKSWYSE EN BEGRENSING 4

HOOFSTUK 2 6

ALGEMENE BEGINSELS VAN VERTEENWOORDIGING 6

HOOFSTUK 3 11

DIE LEERSTUK VAN TOEGEREKENDE KENNIS 11

HOOFSTUK 4 20

DIE TURQUAND-REëL 20

HOOFSTUK 5 29

DIE ULTRA VIRES-LEERSTUK EN ARTIKEL 36 VAN DIE MAATSKAPPYEWET, NO. 61 VAN 1973, SOOS GEWYSIG 29

HOOFSTUK 6 37

ESTOPPEL 37

**HOOFSTUK 7** 42

SLOT EN AANBEVELINGS 42

**BIBLIOGRAFIE** 49

# HOOFSTUK 1

## 1.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Van die verskillende ondernemingsvorme wat gebruik kan word om besigheid te bedryf, is die maatskappy die belangrikste.[1]

Die getal nuwe maatskappye wat in die afgelope aantal jare ingelyf is, het bestendig gebly; naamlik 7637 in 1989, 7711 in 1990 en 7421 in 1991.[2]

Ten spyte van 'n styging in die aantal likwidasies van maatskappye vanweë die uitgerekte resessie, bly die mate van handelsaktiwiteite waarby maatskappye betrokke is, aansienlik.[3]

Met sy totstandkoming, word die maatskappy selfstandige draer van regte en verpligtinge. Hy verkry regspersoonlikheid en bestaan onafhanklik van sy lede. Die maatskappy is self eienaar van sy bates en sy lede het geen eiendomsreg daarop nie.

---

1 Sien die geskiedkundige oorsig van die maatskappy as ondernemingsvorm in De La Rey (Deel 1) 1986 *Codicillus* 4; (Slot) 1986 *Codicillus* 18.

2 *Jaarverslag* vir die jaar geëindig 31 Desember 1991 voorberei deur die Registrateur van Maatskappye, ingevolge Artikel 11 van die Maatskappyewet, No. 61 van 1973, soos gewysig, vir voorlegging aan die betrokke minister en die parlement.

3 *Cape Times,* 15 Maart 1993, 10:3; en *Die Burger,* 25 Maart 1993, 7:1. Ander moontlike redes vir die swak vertoning van maatskappye die afgelope jaar, is onbekwame bestuursvernuf. Minister D Keys se aankondigings ten opsigte van die nuwe belastingstruktuur vir maatskappye; naamlik 'n verlaagde belastingkoers van 40% in plaas van 48% en 'n 15% belastingkoers ten opsigte van uitgekeerde dividende, kan ook onder andere tot groei en die skepping van werksgeleenthede aanleiding gee. Sien ook *Cape Times,* 18 Maart 1993, 13:2.

Hierdie belangrike beginsel word geïllustreer deur die ou Engelse beslissing van *Salomon v Salomon & Co Ltd.*[4 + 5]

As regspersoon kan 'n maatskappy nie self aan die regsverkeer deelneem nie en moet dit noodwendig optree deur persone wat as verteenwoordigers deur hom gemagtig is.[6]

Dit is hier waar die Algemene Beginsels van die Verteenwoordigingsreg ter sprake kom en waaraan die maatskappy se gebondenheid eerstens getoets moet word. Hierop sal kortliks by stilgestaan word in Hoofstuk 2.[7 + 8]

Om verskeie redes egter was die Algemene Beginsels van die Verteenwoordigingsreg nie geskik om oplossings te bied in alle gevalle van verteenwoordiging van 'n maatskappy nie.

---

4 [1897] AC 22. In hierdie saak verwerp die **House of Lords** die argument dat die betrokke maatskappy slegs Mnr. Salomon in 'n ander gedaante was. In die reg was Mnr. Salomon dus 'n aparte persoon, verwyderd van die maatskappy. Vergelyk *Dadoo v Krugersdorp Municipal Council* 1920 AD 530 op 550 per Innes **HR** vir die benadering in die Suid-Afrikaanse reg. Sien ook *Lategan v Boyes* 1980 (4) SA 191(T) 200.

5 Die verskillende teorieë betreffende die regspersoonlikheid van maatskappye word deur Cilliers en Benade *Maatskappyereg* 6 e.v. bespreek, waar dié skrywers die teorie van Jurisdiese Realiteit tereg aanvaar. Sien ook in die algemeen Dewey (1926) 35 Yale LJ 655 e.v..

6 Oosthuizen 1979 TSAR 1; en Grobler *LLM-Skripsie* 14.
Regshandelinge deur verteenwoordigers bind die maatskappy na buite terwyl optredes deur middel van 'n orgaan van die maatskappy; byvoorbeeld die direksie, die ledevergadering en soms ook die besturende direkteur, die maatskappy intern bind.

7 Benade *Ultra Vires-leerstuk* 137; Cilliers en Benade *Korporatiewe Reg* (2e uitg 1992) 78 en 173 e.v.; De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* (5e uitg 1992) Vol 1 95 e.v.; en Du Plessis (1991) 3 *SA Merc LJ* 281 en die gesag in Voetnota 2 aldaar aangehaal.

8 Ten opsigte van die Engelse reg, sien Gower *Modern Company Law* (5e uitg 1992) 139 en die aanhaling in Voetnota 1 aldaar.

*Aanpassings* en selfs 'n *uitbreiding* van hierdie algemene beginsels was dus noodsaaklik.

Die Verteenwoordigingsreg in maatskappyverband het sy eiesoortige karakter ontwikkel vanweë die aanwending van die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* en die *Turquand-reël.* By beide hierdie Leerstukke, wat die *aanpassings* van die Verteenwoordigingsreg verteenwoordig, sal stilgestaan word in onderskeidelik Hoofstukke 3 en 4.

Dan is daar ook die *Ultra Vires-leerstuk*, en die ontwikkelings wat dit ondergaan het, wat in Hoofstuk 5 ondersoek sal word. Hoewel hierdie Leerstuk betrekking het op die bevoegdhede en bestaansfeer van die maatskappy, word die term tog in 'n losse sin gebruik wanneer die verteenwoordigers van die maatskappy buite hul onderskeie volmagte optree.[9]

Die Verteenwoordigingsreg het ook 'n *uitbreiding* ondergaan deurdat maatskappye gebonde gehou word op grond van die werking van die *Leerstuk van Estoppel*; dit is maatskappygebondenheid in afwesigheid van werklike volmag by die maatskappyverteenwoordiger, op grond van 'n skynvolmag. Hierdie aspek sal in Hoofstuk 6 ondersoek word.

---

9 Benade *Ultra Vires-leerstuk* op 138 raai dié losse gebruik van die *Ultra Vires* begrip in belang van regssekerheid af, maar gee toe dit hierdie gebruik so ingeburger geraak het "dat alleen maar gepleit kan word vir 'n duidelike onderskeiding ..."

## 1.2 WERKSWYSE EN BEGRENSING

*Eerstens* sal die *aanpassing* van die Verteenwoordigingsreg in Hoofstukke 3 tot 5 ondersoek word waarna die *uitbreiding* van hierdie afdeling van reg in Hoofstuk 6 ondersoek sal word.

*Tweedens* sal aan die einde hiervan, en gebaseer op voorafgaande ondersoek, sekere aanbevelings gemaak word. Deurgaans sal die Engelse reg as vertrekpunt dien. Die Suid-Afrikaanse Maatskappyereg is grootliks op sy Engelse eweknie gebaseer; so is verskeie reëls van die Engelse gemenereg; byvoorbeeld die reeds gemelde *Leerstuk van Toegerekende Kennis*, die *Turquand-reël* en die *Ultra Vires-leerstuk* met geen of min verandering in ons maatskappyereg oorgeneem. Ons eie Maatskappyewet, No. 61 van 1973, soos gewysig, se wortels lê ook diep in die Engelse reg gesetel. So was die vorige Maatskappyewet, No. 46 van 1926, grootliks geskoei op Engelse Companies (Consolidation) Act van 1908.

Engelse regspraak om dié rede was ook nog altyd aangewend in die interpretasieproses van ons eie Maatskappyewet. Ons howe sal ook voortgaan om op hierdie Engelse presedente te steun; mits laasgenoemde nie in stryd is met Suid-Afrikaanse ontwikkelings op die gebied van die maatskappyereg nie.

In die ondersoek wat hierna volg, sal duidelike verskille in die Engelse en Suid-Afrikaanse Maatskappyereg se ontwikkelingsgang aangetoon word; veral ten opsigte

van die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* en die *Ultra Vires-leerstuk*. Daarom sal Engelse presedente met die nodige omsigtigheid gelees moet word[10].

Die ondersoek in hierdie werkstuk sal ook beperk wees tot die Engelse gemenereg. Daarby sal die ondersoek beperk wees tot die regsposisie van Maatskappye en nie Beslote Korporasies nie.[11] + [12]

Die wetgewer het ook met Artikel 35 van die Maatskappyewet, No. 71 van 1973, soos gewysig, 'n *aanpassing* van die Verteenwoordigingsreg bewerkstellig deurdat 'n verteenwoordiger 'n regshandeling namens die prinsipaal (maatkappy) kan aangaan, nog voordat die prinsipaal (maatkappy) tot stand gekom het.[13] Hierdie aspek sal ook nie in hierdie werkstuk ondersoek word nie.

o O o

---

10 Die redes vir hierdie steeds diepwordende verskille is daarin geleë dat die Verenigde Koningkryk tot die Europese Gemeenskappe toegetree het en gevolglik uitvoering aan direktiewe, ter harmonisering van die maatskappyewetgewing van die lidlande van die Europese Ekonomiese Gemeenskap, moet gee.
En tereg merk Claassen R op in *Wolpert v Uitzigt Properties (Pty) Ltd* 1961 (2) SA 257 (W) op 265C "Our Courts have followed English cases in these problems, but it must be remembered that English Law is rich in precedent, but not so well of in principle".
Sien verder Cilliers en Benade *Korporatiewe Reg* (2e uitg 1992) 14-19; Beuthin *Basic Company Law* (2e uitg 1992) 5-6; en Grobler *LLM-Skripsie 3.*

11 Vir 'n volledige bespreking van die posisie by Beslote Korporasies, sien Henning (1984) 9 *TRW* 155 e.v.; (Deel 1) 1985 *De Rebus* 641; (Deel 2) 1986 *De Rebus* 73; Venter (1984) 9 *TRW* 109; en Grobler *LLM-Skripsie* 33 e.v..

12 Byvoorbeeld bepaal Artikel 2(4) van die Wet op Beslote Korporasies, No. 69 van 1984, soos gewysig, dat die tradisionele *Ultra Vires-leerstuk* nie aanwending sal vind nie en Artikels 17 en 45 bepaal op hulle beurt die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* nie van toepassing is op die inhoud van, onder andere, die stigtingsverklaring en die samewerkingsooreenkoms nie. Sien ook Hoofstuk 7 Voetnotas 5 + 6 + 11 vir die strekking van hierdie Artikels.

13 De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* (5e uitg 1992) Vol 1 100. Sien ook Oosthuizen 1979 *TSAR* 1 se uitgangspunt in hierdie verband.

## HOOFSTUK 2

## ALGEMENE BEGINSELS VAN VERTEENWOORDIGING

Soos reeds in Hoofstuk 1 hierbo opgemerk, bind individuele optrede van lede van 'n maatskappy nie die maatskappy nie. Die maatskappy moet verteenwoordigers gebruik en die Akte van Oprigting en Statute sal gewoonlik 'n aanduiding bevat wie verteenwoordigingsbevoegdhede het en die omvang daarvan.[1] Gewoonlik word hierdie bevoegdhede ook aan die direksie, met 'n bevoegdheid om te delegeer, verleen.

Die Algemene Beginsels van Verteenwoordiging behels dat een persoon, as agent, 'n regshandeling voltooi, vir of ten behoewe van 'n ander, wie die prinsipaal genoem word, met die gevolg dat 'n regsverbintenis tussen die prinsipaal en die derde party of buitestaander, met wie gekontrakteer is, tot stand kom.

Die verteenwoordiger moet uiteraard oor die nodige magtiging of volmag beskik voordat die prinsipaal aan die ooreenkoms gebonde sal wees. Hierdie volmag kan of *uitdruklik* (meestal deur middel van 'n mondelingse ooreenkoms) of *stilswyend* (deur middel van die gedrag en houding van die prinsipaal waaruit die enigste redelike afleiding gemaak kan word dat die agent magtiging gehad het om die prinsipaal te

---

1 Art 69 van die Maatskappyewet, No. 61 van 1973, soos gewysig, verleen statutêre beslag aan hierdie gemeenregtelike beginsel. Sien ook Silke *Law of Agency* 63.

bind) verleen word.[2 + 3] In sommige gevalle kan volmag ook deur regswerking verleen word; soos by die situasie van die Voog en Minderjarige.[4]

Net so, in die maatskappyereg word vereis dat die prinsipaal, *eerstens*, hoewel 'n fiktiewe persoon, maar met aparte regspersoonlikheid, die nodige vermoë en bevoegdheid moet hê om die betrokke regshandeling te verrig.

*Tweedens* kan 'n maatskappy net deur verteenwoordigers optree en kan laasgenoemdes slegs die maatskappy bind, indien daar :-

(i) *Uitdruklike Volmag (Express Authority)*; of

(ii) *Stilswyende* of *Geïmpliseerde Volmag (Implied Authority)*; of

(iii) *Skynbare Volmag (Ostensible* or *Apparent Authority)*;

aan vermelde verteenwoordigers verleen is.

---

2 Sien gesag aangehaal in Hoofstuk 1 Voetnota 7 hierbo; en in die algemeen Silke *Law of Agency* 38 e.v.; Kerr *Law of Agency* 69 e.v.; Hutchinson *Wille's Principles of South African Law* 596; Havenga *General Principles of Commercial Law* 157-158; en Joubert *LAWSA* (Vol 4) para 271-272.

3 Vir 'n bespreking van die Algemene Beginsels van die Verteenwoordigingsreg in die Engelse reg, sien *Halsbury's Laws of England* (Vol 1) 415-532, para 701-1000.

4 Volmag deur regswerking val buite die ondersoek van hierdie werkstuk. Skrywers soos Havenga e.a., in hul handboek in Hoofstuk 2 Voetnota 2 hierbo aangehaal, op 158 is egter van mening dat 'n direkteur se magtiging om die maatskappy te bind ook as 'n voorbeeld van 'n volmag deur regswerking verkry, beskou moet word.

Beide die volmagte in (i) en (ii) genoem, verteenwoordig *werklike volmag (actual authority)* terwyl daar geen volmag aanwesig is in (iii) nie.[5]

In laasgenoemde geval sal die prinsipaal (maatskappy) in sekere omstandighede "ge-estop" word om die aanwesigheid van volmag te ontken. Na hierdie situasie word soms verwys as *Volmag deur Estoppel (Agency by Estoppel)*.[6 + 7]

In die regsspraak[8] vind 'n mens ook die gebruik van die term *Gebruiklike Volmag (Usual Authority)*. Hierdie volmag is myns insiens slegs 'n ander verskyningsvorm van *Skynbare Volmag (Ostensible* or *Apparent Authority)*[9] wat volgens Oosthuizen[10] beskryf

---

5 Ek moet saamstem met Botha R in *Inter-Continental Finance and Leasing Corporation (Pty) Ltd v Stands 56 and 57 Industria* 1979 (3) SA 740 (W) op 747-748 waar hy sê: "Implied authority, apparent authority and ostensible authority are slippery concepts ... in practise expressions such as 'apparent authority' or 'ostensible authority' are used in a number of quite different senses ..." Sien ook Cilliers en Benade *Korporatiewe Reg* (5e uitg 1992) 189-190 en Voetnota 4 op 190 aldaar.

6 Volgens De Wet, J C: Om te praat van *"Agency by Estoppel"* is egter foutief. *Estoppel* is nie 'n bron van volmag nie en ook nie 'n spesie of tipe volmag nie. Die prinsipaal (maatskappy) in 'n *Estoppel-situasie* word slegs verhoed om die bestaan van volmag te ontken. Sien verder Joubert *LAWSA* (Vol 1) para 136. Asook Silke *Law of Agency* 63; Joubert *LAWSA* (Vol 4) para 271; Pretorius *Hahlo's South African Company Law through the Cases* 465, Van Jaarsveld *Suid-Afrikaanse Handelsreg* (Vol I) 226 e.v.; Du Plessis (1991) 3 *SA Merc LJ* 282; Wunsch 1975 *De Rebus* 315; en Kahn (1975) 4 *BML* 65.

7 Vir die Engelse gesag, sien *Freeman & Lockyer v Buchurst Park Properties (Mangal) Ltd* [1964] 1 All ER 630 op 644 per Diplock LJ en *Hely-Hutchinson v Breyhead Ltd* [1968] 1 QB 549 op 583 per Lord Denning MR.

8 *Wolpert v Uitzigt Properties (Pty) Ltd* 1961 (2) SA 257 (W) per Claasen R op 266E (met goedkeuring aangehaal in *Tucker's Land and Development Corporation (Pty) Ltd v Perpellief* 1978 (2) SA 11(T)):
"[Implied authority exists] when the official acting on behalf of the company purports to exercise an authority which that type of official *usually* has even though the official is exceeding his actual authority."

9 Hierdie twee verskyningsvorme van *Skynbare Volmag* is ontleed in die Engelse beslissing *Ebeed v Soplex Wholesale Supplies Ltd and P.S. Refson & Co. Ltd* 1985 BCLC 404 (CA).

10 *Turquand-reël* 45-46, 231-232; en 1978 *TSAR* 173. Oosthuizen maak die stelling dat die aanstelling van 'n verteenwoordiger in 'n bepaalde posisie regverdig meestal die afleiding dat hy met al die bevoegdhede beklee is wat *normaalweg* met daardie posisie vereenselwigbaar is.
Laasgenoemde skrywer gee hier myns insiens die korrekte benadering weer en kan daar tereg kritiek op Claasen R se dictum, in Hoofstuk 2 Voetnota 8 hierbo aangehaal, uitgespreek word:

kan word as die volmag of bevoegdheid om daardie regshandelinge te verrig wat *normaalweg* met die posisie van die verteenwoordiger van daardie klas vereenselwigbaar is. Wat die inhoud van *Gebruiklike Volmag* is, is 'n feitelike vraag wat met verwysing na die besondere omstandighede van die betrokke geval, insluitende die aard van die besigheid van die maatskappy, die handelsgebruik en grootte van die maatskappy, beslis moet word.

Bowenal kan die maatskappy ook in bepaalde gevalle die verteenwoordiger se gebrek aan volmag aanvul deur sy handelinge te ratifiseer.[11]

Wanneer met 'n maatskappy onderhandel word, sal 'n buitestaander met verskeie kategorieë van persone te doen kry wat namens die maatskappy optree of poog om op te tree. Hulle is die direksie, die besturende direkteur of voorsitter van die direksie en enige ander persoon of persone, soos byvoorbeeld 'n gewone direkteur, takbestuurder of sekretaris. Dit is 'n feitelike vraag of enige van genoemde persone die nodige magtiging of volmag, soos hierbo uiteengesit, het om die maatskappy te bind.[12]

---

Hy stel *Stilswyend verleende Werklike Volmag (Implied Authority)* met *Gebruiklike Volmag* gelyk; terwyl eersgenoemde *Werklike Volmag* behels, is laasgenoemde slegs *Skynbare Volmag*. Sien ook Kotzé 1986 (5) *Responsa Meridiana* 123-125.

11 De Wet en Yeats *Kontraktereg en Handelsreg* (4e uitg 1978) 103; Joubert *LAWSA* (Vol 1) para 126 e.v.. Sien ook in die algemeen Van Jaarsveld *Die Leerstuk van Ratifikasie in die Suid-Afrikaanse Verteenwoordigingsreg*.

12 *Tuckers Land and Development Corporation (Pty) Ltd v Perpellief* 1978 (2) SA 11 (T) 15B; en in die algemeen Van Dorsten *Directors* 132-136.

Sedert die beslissing *Blower v Van Noorden*[13] staan dit vas dat indien 'n verteenwoordiger in 'n gegewe situasie nie oor die nodige volmag beskik nie, die verteenwoordiger nie persoonlik aanspreeklik gehou kan word op grond van 'n ooreenkoms met 'n buitestaander nie. Die rede hiervoor blyk duidelik uit Innes **HR** se uitspraak in vermelde hofsaak; naamlik dat die verteenwoordiger en die buitestaander nie beoog het dat 'n ooreenkoms tussen hulle tot stand sal kom nie.

Die verteenwoordiger se moontlike persoonlike aanspreeklikheid op grond van 'n sogenaamde *Stilswyende Waarborg van Volmagbestaaan (Implied Warranty of Authority)*, word ook in bogenoemde saak ondersoek.[14] Die verteenwoordiger se aanspreeklikheid word gebaseer op 'n by-ooreenkoms ingevolge waarvan hy waarborg dat hy wel die nodige volmag het.[15]

o O o

---

13 1909 TS 890.

14 p 905-906 van die Hofverslag.

15 Hoewel skrywers soos Silke (De Villiers & MacIntosh) Law of Agency op 92 hierdie *Stilswyende Waarborg van Volmagbestaan* as 'n bevredigende oplossing in die praktyk aanvaar, kritiseer De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* (5e uitg 1992) op 121-123 hierdie standpunt waar hulle deliktuele aanspreeklikheid op grond van skuldige wanvoorstelling aanbeveel. Sien verder Oosthuizen *Turquand-reël* 292.

## HOOFSTUK 3

## DIE LEERSTUK VAN TOEGEREKENDE KENNIS

Vervolgens sal hierdie Leerstuk se invloed op die Algemene Beginsels van Verteenwoordiging, soos in Hoofstuk 2 hierbo uiteengesit, ondersoek word.

Die ontstaan van hierdie Leerstuk kan teruggevoer word na die invloed wat die vennootskapsreg via die *"Deed of Settlement Company"* [1] op die ontwikkelling van die maatskappyereg gehad het, en die feit dat die verteenwoordigingsbevoegdheid van direkteure gelykgestel is aan dié van vennote.[2 + 3]

Bogenoemde benadering sou egter die aandeelhouers aan die genade van die direksie oorlaat. Daarom moes die aandeelhouers (en buitestaanders) beskerm word. Die howe was nie geneë om die *"Joint Stock Companies"* gelyk te stel aan die

---

1 Die *"Deed of Settlement Company"* was 'n ongeïnkorporeerde maatskappy sonder regspersoonlikheid; of 'n vennootskap waar die lede of trustees persoonlik aanspreeklik gehou is vir die skulde van die maatskappy.
Daarby was die lede of trustees beklee met omvattende bestuursbevoegdhede om enige handeling te verrig wat binne die besigheidsfeer van die maatskappy was. Hierdie maatskappyvorm het reeds voor 1844 bestaan, tesame met twee ander soorte; te wete die *Maatskappy ingelyf ingevolge 'n Koninklike Oktrooi (Chartered Company)* en die *Statutêre Maatskappy (Statutory Company)*.
In 1844 is die eerste Engelse Maatskappyewetgewing, by name die *"Joint Stock Companies Act of 1844"*, in die lewe geroep, wat voorsiening gemaak het vir die verkryging van aparte regspersoonlikheid ingevolge 'n algemeen magtigende wet.

2 Oosthuizen *Turquand-reël* 21-23; Oosthuizen 1979 *TSAR* 3-4; en Grobler *LLM-Skripsie* 3-10.

3 Vir 'n bespreking van die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* in die Engelse reg, sien Palmer *Company Law* 243-244; en Gower *Modern Company Law* (5e uitg 1992) 170.

vennootskap nie.[4] Maar die howe verwerp toe nie die vennootskapsanalogie nie, en skep 'n nuwe Leerstuk; naamlik dié van *Toegerekende Kennis.*

Hierdie Leerstuk kom dan op die volgende neer:-

Aangesien die wetgewer vereis dat die *"Deed of Settlement"* (voorganger van die huidige Akte van Oprigting en Statute) geregistreer moet word, en vir openbare insae beskikbaar moet wees, kan enigeen hom op hoogte bring van die inhoud daarvan. Die howe het gevolglik kennis van die beperkings op die bevoegdheid van direkteure eenvoudig aan buitestaanders toegeskryf.

Hoewel die wetgewer nooit die lees van hierdie dokumente verpligtend gemaak het nie, het die howe dit tog as 'n "verpligting" [5] gekonstrueer; naamlik dat iedereen wat met die maatskappy onderhandel, hom op hoogte moet bring met die inhoud van publieke dokumente. By versuim, word kennis, wat hy "verplig" was om te verwerf, eenvoudig aan hom toegeskryf.[6]

Voordat daar 'n omskrywing aan hierdie Leerstuk in die Suid-Afrikaanse reg gegee kan word, moet daar eers vir 'n oomblik by die *Beginsel van Openbaarmaking*, wat as 'n

---

4 *Smith v Hull Glass Company* [1852] 11 CB 897 per Jervis CJ op 926.

5 Volgens Oosthuizen *Turquand-reël* 160-161 is dit 'n wanopvatting om te sê dat daar 'n verpligting op 'n buitestaander se skouers rus om die Statute te bestudeer. Hierdie wanopvatting kan teruggevoer word na Jervis CJ se uitspraak in *Royal British Bank v Turquand* [1856] 6 E & B 327 op 332: "The parties dealing with (companies) are *bound* to read the statute and the deed of settlement but they are not bound to do more".(my kursivering)
Greenberg AR gee egter die korrekte interpretasie aan hierdie woorde in *Mine Workers' Union v Prinsloo* 1948 (3) SA 831 (A) op 848: "... all he meant was that they are bound by these documents, ie that these documents define the limits of contracts into which the companies can lawfully enter, and not that there was an obligation to read them".

6 Oosthuizen *Turquand-reël* 21.

steunpilaar van ons maatskappyereg beskou word, stilgestaan word.[7] Sekere inligting is naamlik publieke inligting en ter insae vir enigeen wat hom op hoogte daarvan wil stel.[8]

Die vereiste dat sekere inligting openbaar gemaak moet word, dien *eendersyds* as beveiligingsmaatreël vir belanghebbendes, soos potensiële aandeelhouers of beleggers, aandeelhouers, skuldeisers en diegene wat met die maatskappy sake wil doen.

*Andersyds* dien hierdie beginsel as beheermeganisme oor maatskappyoptrede deurdat sekere inligting nou openbaar gemaak word en waaraan hierdie optredes getoets kan word.

Die kantoor van die Registrateur van Maatskappye in Pretoria speel 'n uiters belangrike rol in die openbaarmakingsverpligting van maatskappye. Alle publieke dokumente van maatskappye moet hier ter insae lê.[9 + 10]

---

7 Van Jaarsveld *Suid-Afrikaanse Handelsreg* (Vol II) 323; Cilliers en Benade *Korporatiewe Reg* (2e uitg 1992) 182-183; Sealy 1981 *Company Lawyer* 51; en Gower *Modern Company Law* (5e uitg 1992) 447-476.

8 Striebel 1933 *LQR* 350-351.

9 Sien Van Jaarsveld in Voetnota 7 hierbo.

10 Sien byvoorbeeld Artikel 9, 59(1), 63(1) en 68(1) van die Maatskappyewet. No. 61 van 1973, soos gewysig.

Aan die *Beginsel van Openbaarmaking* is die *Leerstuk van Toegerekende Kennis (Doctrine of Constructive Notice)* onlosmaaklik verbonde. Die grondslag vir hierdie Leerstuk is dus die statutêr geskepte *Beginsel van Openbaarmaking.*[11]

Volgens hierdie Leerstuk word iedereen wat met 'n maatskappy onderhandel geag op hoogte te wees met die inhoud van die publieke dokumente[12] van die maatskappy.[13]

Of die buitestaander die dokumente geraadpleeg het, is nie ter sake nie.[14] Kennis van die inhoud van die publieke dokumente, insluitende kennis van enige beperkings op die bevoegdhede van maatskappyverteenwoordigers, word die buitestaander eenvoudig toegeskryf, en dit sou hom niks baat om te beweer dat hy nie bewus was van sekere bepalings van die publieke dokumente nie.[15]

---

11 Grobler *LLM-Skripsie* 10-12; Fourie (1988) 51 *THRHR* 218-219; en Oosthuizen 1977 *TSAR* 210.

12 Uitsluitsel oor wat alles as publieke dokumente kwalifiseer, is nog nie gegee nie.
Volgens Gower *Modern Company Law* (4e uitg 1979) 191 en herhaal in sy 5e uitg (1992) 170, is die publieke dokumente nie net die Akte van Oprigting en die Statute nie, maar ook Spesiale Besluite en Besonderhede van Direkteure. Hy voeg egter by dat nie alle dokumente wat by die Registrateur van Maatskappye gehou word vir publieke insae, as publieke dokumente kwalifiseer nie; byvoorbeeld Jaarlikse Verslae, Prospektusse en die Opgawe van Aandeletoekennings.
Volgens Palmer *Company Law* 244 is publieke dokumente beperk tot daardie dokumente waarin die bevoegdhede van die maatskappy en sy direkteure gereël word.
Oosthuizen *Turquand-reël* 160 doen weer aan die hand dat slegs die volgende dokumente as publieke dokumente beskou moet word: (1) die Konstitusie, insluitende Spesiale Besluite; (2) dokumente waarin die Bevoegdhede van Maatskappyverteenwoordigers uiteengesit word; mits aan sekere voorvereistes voldoen word; byvoorbeeld Skriftelike Volmagte aan Direkteure.

13 Sien Grobler in Voetnota 11 hierbo.

14 Oosthuizen *Turquand-reël* 14; en Oosthuizen 1979 *TSAR* 3-4.

15 Die uitspraak van die **House of Lords** in *Ernest v Nicholls* [1857] 6 HL 401 word tradisioneel as die oorsprong van hierdie Leerstuk beskou. Oosthuizen *Turquand-reël* 15 betwyfel die korrektheid van hierdie stelling, maar sê dat hierdie beslissing die eerste bewustelike poging was om hierdie Leerstuk te ontleed.
Die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* word ook deur die Engelse skrywer Gore-Browne *On Companies* para 5.2.2 beskryf as "a judge-made rule deduced from the requirements of registration and the right of public inspection".

Dié Leerstuk het ook slegs 'n negatiewe werking.[16] Dit behels dat hierdie Leerstuk teen die buitestaander werk wat versuim het om die publieke dokumente te raadpleeg. Dit is dus 'n Leerstuk wat die maatskappy in staat stel om gebondenheid vry te spring. Die buitestaander kan nie hierdie Leerstuk ten gunste van homself aanwend om die maatskappy gebonde te hou (deur voordeel te trek uit 'n bepaling in die Statute waarvan hy geen werklike kennis gehad het) nie.

Die *eerste* en *belangrikste funksie* van die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* is naamlik: Die beperking van 'n buitestaander se beroep op *Estoppel* ten einde maatskappygebondenheid daar te stel.[17] So byvoorbeeld; indien 'n buitestaander met direkteur A kontrakteer, terwyl die Statute uitdruklik bepaal dat slegs direkteur B volmag het, sal die buitestaander hom nie op *Estoppel* kan beroep nie; aangesien die maatskappy geen skyn in sy Statute verwek het nie.[18]

Die *tweede funksie* van hierdie Leerstuk is om 'n buitestaander se beroep op die *Turquand-reël*[19] uit te skakel; byvoorbeeld waar die Statute bepaal dat die direksie nie die vaste eiendom van die maatskappy met 'n verband mag beswaar sonder die voorafgaande goedkeuring van die algemene vergadering nie: Die buitestaander se toegerekende of werklike kennis van hierdie bepaling in die Statute (waaruit die beperkings op die maatskappyverteenwoordiger se volmag blyk), sal 'n beroep op die

---

16 *Rama Corporation Ltd v Proved Tin and General Investments Ltd* [1952]1 All ER 544 waar Slade J die beslissing van *Houghton & Co. v Nothard, Lowe & Wills Ltd* [1927]1 KB 246 navolg; *Wolpert v Uitzigt Properties (Pty) Ltd* 1961 (2) SA 257 (W) 263G-264A, Du Plessis (1991) 3 *SA Merc LJ* 300; en McLennan 1975 *Businessman's Law* (Part III) 185.

17 Sien Hoofstuk 6 Voetnota 7 hieronder; en Grobler *LLM-Skripsie* 19.

18 Dat 'n skyn buite die Statute verwek kan word, sal in Hoofstuk 6 Voetnota 11 ondersoek word.

19 Sien Hoofstuk 4 hieronder.

*Turquand-reël*, in terme waarvan 'n maatskappy gebonde gehou word aan die optrede van 'n maatskappyverteenwoordiger met gebrekkige volmag, fnuik.[20] Die optrede van die maatskappyverteenwoordiger moet dus vereenselwig kan word met die openbare dokumente.

Die *derde funksie* van hierdie Leerstuk kom ter sprake by *Artikel 36* van die Maatskappyewet.[21] Hierdie artikel het nie die gemeenregtelike *Ultra Vires-leerstuk* uitdruklik afgeskaf nie; nieteenstaande hierdie artikel se misleidende kantskrif. Hierdie artikel het nie die gevolg dat die maatskappy nou onbeperkte vermoë verkry nie. Slegs die gevolge van die *Ultra Vires-handeling* word verander. Die handeling self bly steeds *Ultra Vires*.

Alhoewel die *Leerstuk van Toegerekede Kennis* nie uitdruklik deur die wetgewer afgeskaf is nie, het dit nou irrelevant geword in situasies waar *Artikel 36* van toepassing is.[22] Selfs al het die buitestaander geweet dat die transaksie buite die vermoë van die maatskappy val, sal so 'n transaksie nie nietig wees nie.[23]

Hoewel bogenoemde Leerstuk irrelevant is ten opsigte van hoofdoelstellingsklousule (in die Akte van Oprigting) van die maatskappy, geld dit steeds ten opsigte van alle ander bepalings; byvoorbeeld bepalings betreffende die bevoegdhede van direkteure (in die Statute).

---

20 Fourie (1988) 51 *THRHR* 219; en Grobler *LLM-Skripsie* 20.

21 Fourie (1988) 51 *THRHR* 220 en die gesag in Voetnota 9 aldaar aangehaal.

22 *Toegerekende Kennis* is slegs relevant by *Intra Vires-handelinge*.

23 Fourie (1988) 51 *THRHR* 221; en Grobler *LLM-Skripsie* 17-18. Sien ook Hoofstuk 5 hieronder.

Die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* het ontstaan as gevolg van die feit dat die howe die verteenwoordigingsbevoegdhede van direkteure met dié van vennote gelyk gestel het.[24] Nieteenstaande die verwerping van die aanvanklike vennootskapsanalogie, het hierdie Leerstuk steeds bly voortbestaan in die Suid-Afrikaanse reg.

Skrywers en akademici soos Benade[25] (alreeds in 1964), Oosthuizen[26], McLennan[27] en Grobler[28] beveel tereg aan dat hierdie Leerstuk afgeskaf moet word;[29] aan. Dit sal onredelik wees om van enige buitestaander, wat met die maatskappy onderhandel, te verwag om eers die publieke dokumente te raadpleeg. Dit is onrealisties en prakties onuitvoerbaar: *eendersyds* omdat die buitestaander, selfs al lees hy die dokumente, hy nie veel wyser sal wees nie omdat die bevoegdheidsreëling van direkteure dikwels in die notules van byvoorbeeld die algemene vergaderings beskryf word; en *andersyds* omdat die kantoor van die Registrateur van Maatskappye slegs in Pretoria geleë is. Daarby is daar steeds onduidelikheid oor watter dokumente almal onder die begrip publieke dokumente resorteer. Watter dokumente moet die buitestaander in elk geval bestudeer, die inhoud waarvan hom eenvoudig toegereken word? [30]

---

24 Oosthuizen *Turquand-reël* 26-29; en Grobler *LLM-Skripsie* 18, 19.

25 *Ultra Vires-leerstuk* 236.

26 *Turquand-reël* 431 en 1979 *TSAR* 14.

27 (1979) 96 *SALJ* 357.

28 *LLM-Skripsie* 44-45.

29 Die Van Wyk de Vries-kommissie was in 1970 nie bereidwillig om so ver te gaan nie. (Hoofverslag RP 45/1970 para 27.26 en aangehaal in Oosthuizen *Turquand-reël* 141)

30 Grobler *LLM-Skripsie* 21.

Naudé[31] beskou hierdie Leerstuk as 'n "kunsmatige leerstuk" en "'n verregaande verontagsaming van die groter beskermingswaardigheid van die derde" wat "'n ingrypende steurnis in die afweging van die belange van die maatskappy en die derde" daarstel. Ook De Wet en Yeats[32] is nie tevrede met hierdie stand van sake nie en sê dis jammer dat die wetgewer nie 'n verandering aangebring het, soos die Engelse wetgewer destyds gedoen het deur Artikel 9(1) in die *European Communities Act 1972* op te neem, nie.

Hierdie verkeersbelemmerende uitwerking wat die *Leestuk van Toegerekende Kennis* op kontraksluiting met maatskappye het, het nie ongesiens in die Engelse reg verby gegaan nie. Die Engelse wetgewer het vir alle praktiese doeleindes die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* ongedaan gemaak deur Artikels 35B[33] en 711A(1)[34] en (2)[35] van die bestaande *Companies Act 1985* deur middel van onderskeidelik Artikels 108 en 142 van die *Companies Act 1989* te inkorporeer.[36]

---

31 (1971) 88 *SALJ* 508; en Fourie (1990) 3 *Stell LR* 393.

32 *Kontraktereg en Handelsreg* (4e uitg 1978) 558.

33 Artikel 35B lees as volg: "A party to a transaction with a company is not bound to enquire as to whether it is permitted by the company's memorandum or as to any limitation on the powers of the board of directors to bind the company or authorize others to do so."

34 Artikel 711A(1) lees as volg: "A person shall not be taken to have notice of any matter merely because of its being disclosed in any document kept by the registrar of companies (and thus available for inspection) or made available by the company for inspection."

35 Artikel 711A(2) lees as volg: "This does not affect the question whether a person is affected by notice of any matter by reason of a failure to make such inquiries as ought reasonably to be made."
Sien ook Gower *Modern Company Law* (5e uitg 1992) 170-193; asook Morse *The Companies Act 1989* 137-140; en veral die nota op laasgenoemde bladsy ten opsigte van Artikel 35B: "It applies however, only to transactions (transaksies) and not to acts (handelinge)."

36 Artikel 108 van die *Companies Act 1989* vervang die bestaande Artikel 35, wat op sy beurt Artikel 9(1) van die *European Communities Act 1972* gekonsolideer het. Vir 'n volledige ontleding van laasgenoemde artikel, sien Gower *Modern Company Law* (4e uitg 1979) 184-190; asook Oosthuizen *Turquand-reël* 128-137 waar hy die inperking van die *Turquand-reël* deur hierdie

Die Vaste Advieskomitee oor[37] ons maatskappyereg het op 8 Februarie 1985[38] 'n belangrike beleidsverklaring ten opsigte van die ontwikkeling van die maatskappyereg gemaak: Onder andere is 'n doelwit neergelê om ons Maatskappyewet te vereenvoudig en in pas te bly met ontwikkelings in die lidlande van die Europese Gemeenskappe, waaronder die herevaluering van die *Leerstuk van Toegerekende Kennis*, resorteer.

'n Groot moontlikheid bestaan dus dat ons wetgewer die Engelse voorbeeld sal volg. Intussen bly die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* nog voortbestaaan in die Suid-Afrikaanse Maatskappyereg.

o O o

Artikel ontleed. Sien ook McLennan (1986) 103 *SALJ* 559-160. En vir 'n volledige bespreking van Artikel 35 van die *Companies Act 1985*, voordat hierdie Artikel gewysig is, sien Grobler *LLM-Skripsie* 31: "Die Leerstuk van Toegerekende Kennis word nie in sy geheel deur hierdie artikel afgeskaf nie, want dit is slegs van toepassing op transaksies waarop die direkteure besluit het en het slegs betrekking op 'n beperking van direkteursbevoegdhede wat in die akte of statute opgelê is. Kennis aangaande 'n beperking op die bevoegdhede van enige ander maatskappyorgaan sal daarom steeds die buitestaander toegereken word indien daaraan in 'n publieke dokument publisiteit verleen is". Grobler se standpunt is gebaseer op Professor Prentice, van die Universiteit van Oxford, se Verslag wat hy gedurende 1986 voorberei het vir die Engelse regering (Department of Trade and Industry) betreffende die wesenlikheid van die afskaffing van die *Ultra Vires-leerstuk*.

37 Artikel 18 van ons Maatskappyewet maak voorsiening vir die aanstelling van 'n Vaste Advieskomitee.

38 1985 (Feb) *De Rebus*.

## HOOFSTUK 4

## DIE TURQUAND-REëL

Die belangrikste *aanpassing* van die Algemene Beginsels van Verteenwoordiging, soos in Hoofstuk 2 hierbo bespreek, is teweeg gebring deur die *Turquand-reël.*[1]

Soos reeds hierbo aangedui, moet 'n maatskappyverteenwoordiger oor die nodige volmag beskik om 'n bepaalde regshandeling te verrig voordat die maatskappy (prinsipaal) gebonde gehou sal word. Beskik die maatskappyverteenwoordiger nie oor enige volmag nie, of het hy sy volmag oorskry, kan die maatskappy slegs op grond van *Estoppel*[2] of ratifikasie aanspreeklikheid opdoen.

Die buitestaander word benadeel deur die *Leerstuk van Toegerekende Kennis*[3] deurdat hy geag word kennis te dra van enige beperkings op 'n maatskappyverteenwoordiger se volmag wat uit die publieke dokumente blyk. In hierdie sin, "verplig"[4] bogenoemde Leerstuk die buitestaander om die publieke dokumente te raadpleeg.

Maatskappyverteenwoordigers se volmag word egter dikwels afhanklik gestel van die nakoming van interne vereistes; byvoorbeeld die voorafgaande goedkeuring van

---

1 Oosthuizen 1979 *TSAR* 5.

2 Sien Hoofstuk 6 hieronder.

3 Sien Hoofstuk 3 hierbo.

4 Sien Hoofstuk 3 Voetnota 5 hierbo.

sekere direksiebesluite deur die algemene vergadering. Aangesien geen publisiteit verleen word aan die nakoming of nie-nakoming van hierdie interne vereistes nie, sal die buitestaander, indien hy die publieke dokumente raadpleeg, slegs kan waarneem dat 'n sekere maatskappyverteenwoordiger *potensiële volmag* het.

Vanweë die werking van die *Leerstuk van Toegerekede Kennis* behoort die buitestaander nou verder ondersoek in te stel of hierdie interne vereistes wel nagekom is.[5] Dit is egter onrealisties om só 'n verdere ondersoek van die buitestaander, wat met die maatskappy kontrakteer, te verwag. As buitestaander het hy immers geen insae in die interne bestuursaangeleenthede van die maatskappy nie. En al wat die buitestaander kan vasstel, is wat in die publieke dokumente geflekteer word. Om 'n verdere "ondersoekplig" op die buitestaander te plaas, sou veroorsaak dat dit bykans onmoontlik word om met 'n maatskappy te kontrakteer. Ten einde die buitestaander se ondersoekplig dus te beperk tot aangeleenthede waaraan daar publisiteit verleen

---

5 Dat die *Leerstuk van Toegerekede Kennis* wel 'n invloed op die toepassing van die *Turquand-reël* het, kan nie betwyfel word nie. 'n Buitestaander sal hom slegs kan beroep op die *Turquand-reël* indien die maatskappyverteenwoordiger se optrede oënskynlik vereenselwigbaar is met die publieke dokumente. Dit beteken egter nie dat die buitestaander verplig is om die publieke dokumente te lees voordat hy hom kan beroep op die *Turquand-reël* nie. Omdat kennis betreffende die inhoud van die publieke dokumente van die maatskappy hom toegereken word, loop hy die risiko dat daar 'n bepaling in hierdie dokumente kan wees wat sy beroep op die *Turquand-reël* sal uitsluit. Dit sal wees in gevalle waar die buitestaander nie te goeder trou *(bona fide)* was nie; of op sy hoede geplaas is vanweë die aanwesigheid van agterdogwekkende omstandighede. Hierdie kwalifikasies op die *Turquand-reël* word later in hierdie Hoofstuk ondersoek. Sien verder Oosthuizen *Turquand-reël* 35-37; 145-147; Benade (1962) 25 *THRHR* 194; en *The Mine Worker's Union v Prinsloo* 1948 (3) SA 831 (A) per Greenberg **AR** op 847. Hierdie beslissing word later nagevolg in *Mohamed v Ravat Bombay House (Pty) Ltd* 1958 (4) SA 704 (T). Sien verder Hoofstuk 3 Voetnota 20 hierbo.

word, het die Engelse howe die *Turquand-reël* geformuleer.[6 + 7] Hierdie reël is ook bekend as die *Interne Bestuursreël (Indoor Management Rule)* en kry sy naam van die Engelse saak *Royal British Bank v Turquand*.[8 + 9]

Waar 'n buitestaander dus met 'n maatskappyverteenwoordiger kontrakteer en dit uit die Statute blyk dat hierdie verteenwoordiger gemagtig is om 'n besondere transaksie namens die maatskappy aan te gaan nadat daar voldoen is aan een of ander interne vereiste of formaliteit van die maatskappy, wat geen publisiteit geniet nie, is die buitestaander geregtig om aan te neem dat daar aan die interne vereiste of formaliteit voldoen is en sal die maatskappy gebonde wees aan die kontrak wat sy verteenwoordiger namens hom gesluit het; ten spyte van die feit dat die verteenwoordiger se volmag gebrekkig is. Hierin is die *aanpassing* van die Verteenwoordigingsreg geleë.

Uit bostaande blyk die verband tussen die *Turquand-reël* en publisiteit duidelik. Dié reël is slegs van toepassing in gevalle waar geen publisiteit bestaan nie.

---

6 Cilliers en Benade *Korporatiewe Reg* (2e uitg 1992) 185-187; Van Jaarsveld *Suid-Afrikaanse Handelsreg* (Vol II) 351-353; De Wet en Yeats *Kontraktereg en Handelsreg* (4e uitg 1978) 555-558; Beuthin *Basic Company Law* (2e uitg 1992) 214-217; Van Dorsten *Directors* 138-140; en Oosthuizen *Turquand-reël* 146; 1977 *TSAR* 210 en 1979 *TSAR* 6.

7 Vir 'n bespreking van die *Turquand-reël* in die Engelse reg, sien Palmer *Company Law* 247-255; Pennington *Company Law* 128-141; Gore-Browne *On Companies* Hoofstuk 5; en Gower *Modern Company Law* (5e uitg 1992) 186.

8 [1856] 6 E & B 327.

9 Vir die kern van hierdie beslissing, sien Pretorius *Hahlo's South African Company Law through the Cases* (5e uitg 1991) 465-466 en die aanhaling van Jervis LJ op 888 van die Hofverslag.

Hoewel die Engelse saak van *Royal British Bank v Turquand*, hierbo aangehaal, as die eerste bewustelike formulering[10] van die *Turquand-reël* beskou kan word, kan die oorsprong van hierdie Leerstuk selfs so ver as 1852 teruggevoer word.[11]

Ook in Suid-Afrika het die pasgesketse Leerstuk inslag gevind en vorm tans 'n integrale deel van ons maatskappyereg.[12]

Uit bostaande kan 'n mens nou sê dat die *Turquand-reël* daarop gemik is om onderhandelinge met 'n maatskappy te vergemaklik. 'n Onbeperkte toepassing van hierdie Leerstuk sou egter daartoe aanleiding gee dat die maatskappy se beskermingswaarheid ondergeskik gestel word aan dié van buitestaanders. Daarom moes hierdie reël se toepassingsgebied *afgebaken* word ter einde 'n balans tussen die belange van die maatskappy aan die een kant en die buitestaanders aan die ander kant, te bewerkstellig.

Ter beskerming van die maatskappy het *twee kwalifikasies* ontstaan:-

(i) Die buitestaander sal nie op die beskerming van hierdie Leerstuk geregtig wees as hy werklike of toegerekende kennis gehad het van die feit dat daar nie aan die interne vereistes voldoen is nie; anders gestel, die buitestaander moes te goeder trou *(bona fide)* wees; en

---

10 Oosthuizen *Turquand-reël* 1,12.

11 *Smith v The Hull Glass Company* [1852] 11 CB Rep 897 per Maule **J** op 926.

12 *Mine Workers' Union v Prinsloo* 1948 (3) SA 831 (A) per Solomon **AR** op 845.

(ii) Die omstandighede moet sodanig wees dat van die buitestaander verwag kan word om verdere ondersoek in te stel na die nakoming al dan nie van die interne vereistes en hy nie sodanige verdere ondersoek ingestel het nie; anders gestel, die omstandighede was so agterdogwekkend dat die buitestaander daardeur op sy hoede geplaas is.[13] Terwyl (i) hierbo voor die handliggend is, sal (ii) hierbo voorkom wanneer die maatskappyverteenwoordiger opsigtelik sy *gebruiklike volmag*[14] oorskry het.[15 + 16]

Volgens Oosthuizen[17] moet die toepassingsgebied van die *Turquand-reël* verder *afgebaken* word deurdat hierdie Leerstuk slegs in die volgende omstandighede sy toepassing behoort te vind:-

(i) Daar moet ten minste 'n aanstellingshandeling van 'n beampte wees wat voorgee om namens die maatskappy op te tree; en

(ii) Die optrede van hierdie beampte moet vereenselwig kan word met die posisie of amp wat hy in die maatskappy beklee.

---

13 Cilliers en Benade *Korporatiewe Reg* (2e uitg 1992) en gesag in voetnoot 5 en 6 aldaar aangehaal. In die algemeen sien verder Oosthuizen *Turquand-reël* Hoofstuk 7; en Oosthuizen 1979 *TSAR* 10.

14 Sien Hoofstuk 2 Voetnotas 8 + 9 + 10 hierbo.

15 De Wet en Yeats *Kontraktereg en Handelsreg* (4e uitg 1978) 557; en Du Plessis (1991) 3 *SA Merc LJ* 296.

16 Sien ook Du Plessis se bespreking van hierdie kwalifikasies in (1991) 54 *THRHR* 794 op 796-797.

17 *Turquand-reël* 125, 428; en 1979 *TSAR* 13-14.

Eers as hierdie struikelblokke uit die weg geruim kan word, kan die maatskappy gebonde gehou word aan 'n transaksie in terme van die *Turquand-reël*. Sou die buitestaander nie daarin slaag om hierdie struikelblokke te oorbrug nie, wil dit nie sê dat die maatskappy nie aan die handeling gebonde gehou kan word nie. In sulke omstandighede sal die buitestaander hom desnoods op die *Leerstuk van Estoppel*[18] moet beroep om maatskappygebondenheid daar te stel, wat op sy beurt 'n moeiliker bewyslas[19] inhou. Daar is ook steeds die moontlikheid dat die maatskappy die verteenwoordiger se optrede kan ratifiseer.[20]

Die *Turquand-reël* en die *Leerstuk van Estoppel* moet egter duidelik onderskei word. Dit is in belang van regshelderheid. Dat 'n mate van oorvleueling bestaan en sommige situasies aan die hand van enige van hierdie twee Leerstukke verklaar kan word, kan nie ontken word nie.[21] Die *Turquand-reël* is 'n selfstandige Leerstuk, gebaseer *eendersyds* op beginsels van billikheid, om *bona fide* buitestaanders te beskerm en *andersyds* op beginsels van doelmatigheid, sodat buitestaaanders nie bevrees sal wees om met 'n maatskappy te onderhandel nie.[22]

---

18 Sien Hoofstuk 6 hieronder.

19 Die moeiliker bewyslas is daarin geleë dat daar 'n *skuldige skynverwekking* deur die maatskappy moet wees waarop die buitestaander tot sy *nadeel* handel. Nie een van hierdie vereistes word vir 'n beroep op die *Turquand-reël* vereis nie. Sien ook Oosthuizen *Turquand-reël* 116; en Oosthuizen 1979 *TSAR* 9-10.

20 Du Plessis (1991) 3 SA *Merc LJ* 289; en Oosthuizen *Turquand-reël* 249. Asook Hoofstuk 2 Voetnota 11 hierbo.

21 Sien Hoofstuk 6 hieronder.

22 Oosthuizen *Turquand-reël* 120-122, 428.

In Engeland is hierdie onderskeid egter nie deurgangs gehandhaaf nie en is daar aanduidings uit die regspraak dat die *Turquand-reël* aan *Estoppel* gelyk gestel is, wat tot grootskaalse verwarring aanleiding gegee het.[23 + 24]

Addisioneel tot bogenoemde afbakeningskriteria, kan slegs buitestaanders (outsiders) hulle op die beskerming van die *Turquand-reël* beroep, en nie binnestanders (insiders), soos direkteure, bestuurders en maatskappysekretarisse nie. 'n Maatskappy kan tog nie agter sy eie onreëlmatighede skuil nie![25]

Die Appèlhof in *Mine Workers' Union v Prinsloo*[26] het dit goedgedink om die *Turquand-reël* op 'n vakvereniging van toepassing te maak. En in *National and Overseas Distributors Corporation (Pty) Ltd. v Potato Board*[27] word hierdie reël uitgebrei na die Aartappelraad.

---

23 Oosthuizen *Turquand-reël* 170-171; en Oosthuizen 1979 *TSAR* 9.
In beide die Engelse sake *Rama Corporation Ltd v Proved Tin & General Investments Ltd* [1952] 1 All ER 554 (KB) en *Freeman and Lockyer v Buckhurst Park Properties (Mangal)* [1964] 1 All ER 630 (CA) word byvoorbeeld die indruk geskep dat die *Turquand-reël* van toepassing is, terwyl maatskappygebondenheid aan die hand van *Estoppel* verklaar word.

24 Daarom verklaar Gower *Modern Company Law* (4e uitg 1979) 184 dat: "the law (relating to the Turquand rule) had become something of a jungle of irreconcilable decisions."

25 Oosthuizen *Turquand-reël* Hoofstuk 4. Sien egter Du Plessis (1991) 54 *THRHR* 798-800 waar hy van mening is dat die *Turquand-reël* nie uitsluitlik op buitestaanders van toepassing is nie, en dat elke situasie volgens sy eie meriete beoordeel moet word. Hierdie nuwe benadering is volgens die skrywer alreeds te bespeur in die Engelse beslissing *Rolled Steel Products (Holdings) Ltd v British Steel Corporation* 1985 (3) All ER 52 (CA) per Slade **LJ** op 78 B-D.

26 1948 (3) SA 831 (A).

27 1958 (2) SA 473 (A).

Hoewel hierdie Leerstuk nie op individue van toepassing is nie, is daar geen rede waarom dit ook nie na verenigings sonder regspersoonlikheid, insluitende vennootskappe in sekere gevalle, uitgebrei kan word nie.[28]

Bogenoemde is in breë trekke die *Turquand-reël*, soos dit sy toepassing vind in die Suid-Afrikaanse reg. Probleme word soms ervaar om situasies te identifiseer waarin hierdie Leerstuk sy toepassing vind. En daarom vind 'n mens hofsake[29] en handboekskrywers[30] wat tipiese *Turquand-situasies*[31] onderskei. By nadere ontleding blyk dit dat die *Turquand-reël* normaalweg slegs sy toepassing vind as die buitestaander met die direksie of besturende direkteur onderhandel. By onderhandelinge met 'n enkele direkteur, bestuurder of sekretaris, sal die maatskappy se gebondenheid grotendeels aan die beginsels van *Estoppel* getoets word.[32]

Bogenoemde reflekteer egter glad nie meer die huidige posisie in die Engelse reg nie. Soos reeds hierbo aangetoon[33], het die Engelse wetgewer die *Leerstuk van*

---

28 Oosthuizen *Turquand-reël* 340 en Oosthuizen 1977 *TSAR* 210-219.

29 *Wolpert v Uitzigt Properties (Pty) Ltd* 1961 (2) SA 257 (W) en Benade se kritiek hierop in (1962) 25 *THRHR* 199. Benade se kritiek kom daarop neer dat die posisies van die besturende direkteur, enkele direkteur en ander maatskappybeamptes van maatskappy tot maatskappy kan verskil. In plaas van die kategoriese benadering van die regspraak na te volg, doen Benade aan die hand dat elke situasie eerder volgens sy eie besondere feite geëvalueer moet word. Hierdie benadering word ook gevind in *Korporatiewe Reg* (1e uitg 1978) 76, en ek vereenselwig my hiermee. Sien ook *Tuckers Land and Development Corporation (Pty) Ltd v Perpellief* 1978 (2) SA 11 (T).

30 Cilliers en Benade *Maatskappyereg* (4e uitg 1984) 123-128; Cilliers en Benade *Korporatiewe Reg* (2e uitg 1992) 189-190; Beuthin *Basic Company Law* (2e uitg 1992) 215-216; en Van Dorsten *Directors* 132-137.

31 Byvoorbeeld onderhandelinge met die direksie, besturende direkteur, enkele direkeur, bestuurder of sekretaris.

32 Cilliers en Benade *Korporatiewe Reg* (1e uitg 1978) 76 en die gesag in Voetnota 9 op 78 aldaar aangehaal.

33 Sien Hoofstuk 3 hierbo.

*Toegerekende Kennis* afgeskaf. Om hierdie rede is die *Turquand-reël* nie meer van so 'n groot belang nie.[34] Maar dit sal slegs die geval wees waar die buitestaander met die direksie onderhandel.[35]

Die nuwe Artikel 35A van die Engelse *Companies Act 1985* sal die buitestaander slegs help in soverre hy kan aanvaar dat die direksie die nodige magtiging gehad het om hul bevoegdhede te delegeer. Verder as dit, sal die buitestaander nie enige aannames kan maak nie. Sy aannames word steeds gereël deur die Algemene Beginsels van Verteenwoordiging en die *Turquand-reël*.[36]

o O o

---

34 Gower *Modern Company Law* (5e uitg 1992) 186.

35 In die *Royal British Bank v Turquand* [1856] 6 E & B 327 was dit juis die situasie. In die lig van die nuwe Engelse bepalings in Artikels 35B en 711A van die *Companies Act 1985* deur onderskeidelik Artikels 108 en 142 van die *Companies Act 1989*, sal dié saak anders beslis gewees het. Sien die strekking van hierdie Artikels in Hoofstuk 3 Voetnotas 33 + 34 + 35 hierbo.

36 Gower *Modern Company Law* (5e uitg 1992) 188-189; asook Voetnota 10 aldaar.

# HOOFSTUK 5

## DIE ULTRA VIRES-LEERSTUK EN ARTIKEL 36 VAN DIE MAATSKAPPYEWET, NO. 61 VAN 1973, SOOS GEWYSIG

In die algemene sin kan die term *Ultra Vires* gebruik word om enige handeling wat buite 'n persoon of instansie se bevoegdhede, magte of te wel *vires* val, te beskryf. Die *Ultra Vires-leerstuk* in die maatskappyereg het egter 'n veel beperkter betekenis. Dit het slegs betrekking op handelinge wat buite die doelstellings van die maatskappy val.[1]

Voor die inwerkingtreding van ons Maatskappyewet op 1 Januarie 1974, was enige handeling buite die vermoënsfeer van die maatskappy *Ultra Vires* en nietig. Nie eens latere ratifikasie of eenparige toestemming kon die handeling met enige regskrag beklee nie.[2]

Hierdie beperkte vermoënsfeer van 'n maatskappy vloei voort uit die feit dat die maatskappy 'n afsonderlike regspersoon is en nie sekere handelinge kan verrig, soos om in die huwelik te tree nie. Daarby kan die maatskappy nie sekere ampte beklee of misdade pleeg of sekere strawwe, soos gevangenisstraf, opgelê word nie.[3]

---

1 Oosthuizen 1979 *TSAR* 2. Asook Hoofstuk 1 Voetnota 9 hierbo.

2 Benade *Ultra Vires-leerstuk* 13; Cilliers en Benade *Company Law* (1e uitg 1968) Hoofstuk 4; en Gower *Modern Company Law* (5e uitg 1992) 166.

3 Van Jaarsveld *Suid-Afrikaanse Handelsreg* (Vol II) 343-344 en Artikel 332 van die Strafproseswet No. 51 van 1977, soos gewysig; en bespreek deur Hiemstra *Suid-Afrikaanse Strafproses* (4e uitg 1987) 794-800.

Soos reeds hierbo[4] aangetoon, moet die prinsipaal (maatskappy) *eerstens* die nodige vermoë hê om 'n handeling te verrig.[5]

Die *Ultra Vires-leerstuk* het ontstaan na analogie van die maatskappy ingelyf ingevolge 'n Eie Wet (Statutory Company). Die standpunt dat 'n statutêre maatskappy slegs bestaan vir doeleindes waarvoor sy skeppende wet voorsiening maak, is oorgeplaas op maatskappye wat ingevolge 'n Algemene Magtigende Wet ingelyf is.[6]

'n Regspersoon geskep deur 'n Afsonderlike Wet, of ingelyf ingevolge 'n Algemeen Magtigende Wet, het slegs die vermoë om die handelinge te verrig wat uitdruklik of by implikasie deur sy Afsonderlike Wet of Konstitusie gemagtig is. Juridies gesproke kan die maatskappy as afsonderlike regspersoon slegs binne die grense van sy doelstellingsklousule 'n bestaan voer. Hierdie beginsel vorm ook die grondslag van die tradisionele *Ultra Vires-leerstuk*.[7 + 8]

---

4 Sien Hoofstuk 2 hierbo.

5 *Tweedens* moet die maatskappyverteenwoordiger die nodige volmag hê om die maatskappy as afsonderlike regspersoon te bind.

6 Henning (1984) 9 *TRW* 159-160; Kiggundu (1991) 24 *CILSA* 1; en Grobler *LLM-Skripsie* 13 en die gesag in Voetnota 55 aldaar aangehaal.

7 Die sleutelvonnis *Ashbury Railway Carriage and Iron Co v Riche* [1875] LR 7 HL 653 word beskou as die saak waarin die *Ultra Vires-leerstuk* ten opsigte van maatskappye, ingelyf ingevolge 'n Algemeen Magtigende Wet, vir die eerste maal ter sprake gekom het.
Die Cohen Kommissie omskryf hierdie Leerstuk in 1945 ook as volg: "The memorandum of a company defines its objects and a company's object are limited to those expressly mentioned and such as are ancillary to the express objects. A contract made by the directors upon a matter not within the ambit of the company's objects is ultra vires the company, and, therefore, beyond the powers of the directors. This principle is intended to protect both those who deal with the company, and its shareholders." (aangehaal uit Benade *Ultra Vires-leerstuk* 1) Sien ook Naudé (1974) 91 *SALJ* 315.

8 Vir 'n bespreking van die *Ultra Vires*-leerstuk in die Engelse reg, sien Palmer *Company Law* 119-134; Pennington *Company Law* 106-113; Gore-Browne *On Companies* Hoofstuk 3; en Gower *Modern Company Law* (5e uitg 1992) 165-193.

Hierdie Leerstuk was ontwikkel ten einde skuldeisers en aandeelhouers te beskerm teen moontlike magsmisbuik deur die direkteure.[9] Die beskerming is daarin geleë dat die skuldeisers se krediet aan die maatskappy slegs blootgestel sal wees aan die risiko's waarvan hulle bewus is; en die aandeelhouers se beleggings slegs aangewend sal word in daardie ondernemings wat hulle by implikasie goedgekeur het.[10]

Hierdie Leerstuk word verder aangevul deur die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* deurdat 'n buitestaander geag word kennis te dra van die beperkings op die maatskappy se vermoëns, soos vervat in die Konstitusie, wat vir publieke insae by die kantore van die Registrateur van Maatskappye te Pretoria, lê.[11]

Mettertyd het bogenoemde beskermingsfunksie van die Leerstuk vervaag met die gevolg dat slegs die onbillike werking daarvan oorgebly het; naamlik, die maatskappy het dikwels die beste besigheids- en regsadvies tot sy beskikking gehad in hul onderhandelinge met buitestaanders. Daarby kon die maatskappy maklik toevlug neem tot die beperkings in sy vermoë, soos vervat in sy Konstitusie.[12] Die Konstitusie van die maatskappy het nou in 'n "pitfall for unwary third parties" geword. Daarom

---

9 Van Jaarsveld *Suid-Afrikaanse Handelsreg* (Vol II) 344; en Kiggundu (1991) 24 *CILSA* 4-7.

10 Benade *Ultra Vires-leerstuk* 41-48, 209.

11 Cilliers en Benade *Korporatiewe Reg* (5e uitg 1992) 175; en Henning (1984) 9 *TRW* 160.

12 Benade *Ultra Vires-leerstuk* 214. Teen die einde van die 19de eeu, het sakemanne die absolute werking van die *Ultra Vires-leerstuk* probeer vryspring deur ellelange, omslagtige doelstellingsklousules in die Konstitusies in te sluit, sowel as 'n bepaling tot die effek dat elke sub-klousule van die doelstellingsklousule as 'n onafhanklike doelstelling uitgelê moet word (independant objects clause). Laasgenoemde klousule is in *Cotman v Brougham* [1918] AC 514 erken, maar terselfdertyd is dit sterk gekritiseer.

was die Van Wyk de Vries-kommissie, onder voorsitterskap van Regter Van Wyk de Vries, in 1963 aangestel om die posisie indringend te ondersoek.[13]

Hierdie kommissie volg op twee Engelse kommissies; die Cohen-kommissie van 1945 en die Jenkins-kommissie van 1962, onderskeidelik. Terwyl eersgenoemde bereid was om die *Ultra Vires-leerstuk* geheel-en-al te verwerp, wou laasgenoemde nie sover gaan nie. Nietemin het laasgenoemde se voorstelle daarop neergekom dat die Leerstuk so drasties ingeperk word, dat daar weinig daarvan sou oorbly. Die Van Wyk de Vries-kommissie, hierbo genoem, kon hom nie vereenselwig met die Cohen-kommissie se aanbevelings nie, grotendeels omdat die direkteure onbeperkte bevoegdhede sou hê wat hulle op 'n onbeteuelde wyse sou kon uitoefen.[14] Die resultaat was dat ons wetgewer Artikels 33 tot 36 in ons huidige Maatskappyewet opgeneem het.

Artikel 33 herhaal die gemeenregtelike bepaling dat die maatskappy se vermoë bepaal word deur die hoofdoelstelling wat in sy Akte uiteengesit word. Dit verklaar verder dat alle doelstellings aanvullend tot die hoofdoelstelling ingesluit word, behalwe dié wat uitdruklik in sy Akte uitgesluit word. In terme van Artikel 34 besit elke maatskappy ook onbeperkte bevoegdhede om hom in staat te stel om sy hoof- en aanvullende doelstellings te verwesenlik, behalwe die bepaalde bevoegdhede wat uitdruklik uitgesluit of gekwalifiseer word.[15] Dit is egter *Artikel 36*[16] wat van besondere belang

---

13 Naudé (1974) 91 *SALJ* 316; en Gower *Modern Company Law* (5e uitg 1992) 168.

14 Hoofverslag RP 45/1970 par 27.16.

15 Die huidige statutêre reëling ten aansien van hoofbesigheid, hoofdoelstelling, aanvullende doelstellings en bevoegdhede word volledig bespreek deur Blackman (1975) 8 *CILSA* 1 e.v.. Sien ook Fourie (1990) 3 *Stell LR* 389.

16 *Artikel 36* lees as volg: "Geen handeling van 'n maatskappy is nietig nie *slegs vanweë die feit dat die maatskappy sonder vermoë of bevoegdheid was om aldus te handel*, of omdat die *direkteure* geen *magtiging* gehad het om daardie handeling namens die maatskappy te verrig

is. Hoewel hierdie Artikel alreeds verskeie kere deur akademici en skrywers vertolk is, is dit nog nooit deur ons howe oorweeg nie.[17]

Die negatiewe bewoording van hierdie Artikel, maak dit moeilik verstaanbaar. Met die eerste oogopslag lyk dit asof *Artikel 36* die *Ultra Vires-leerstuk* in sy geheel teenoor buitestaanders afskaf.[18] Nieteenstaande die misleidende kantskrif, word die gemeenregtelike *Ultra Vires-leerstuk* egter *nie* afgeskaf *nie*. Die handeling bly steeds *Ultra Vires*, met die gevolg dat die maatskappy nie 'n onbeperkte vermoë verkry nie. Slegs die gevolge van die *Ultra Vires-handeling* word verander; naamlik die handeling van die maatskappy buite sy vermoënsfeer is nie nietig nie, met die gevolg dat die maatskappy gebonde is.[19]

Dit is belangrik om daarop te let dat die maatskappy gebonde sal wees; nieteenstaande die gebrekkige volmag van sy verteenwoordigers[20], en slegs as die volmagoorskryding uitsluitlik te wyte is aan die feit dat die handeling buite die vermoënsfeer van die maatskappy val. Indien die volmag gebrekkig is vanweë *ander faktore*; byvoorbeeld die nie-nakoming van interne vereistes of die gebrekkige

---

*slegs vanweë die gemelde feit*, en, behalwe tussen die maatskappy en sy lede of direkteure, of tussen sy lede en sy direkteure, kan nòg die maatskappy nòg 'n ander persoon in 'n regsgeding sodanige gebrek aan vermoë of bevoegdheid of magtiging aanvoer of daarop steun". (my kursivering)

17 Fourie (1990) 3 *Stell LR* 388 en die gesag in Voetnota 1 aldaar aangehaal. Asook die uitputtende gesag aangehaal in Pretorius *Hahlo's South African Company Law through the Cases* (5e uitg 1991) 106-108.

18 Oosthuizen *Turquand-reël* 137.

19 Fourie (1988) 51 *THRHR* 220; Fourie (1990) 3 *Stell LR* 390; en nagevolg deur Cilliers en Benade *Korporatiewe Reg* (2e uitg 1992) 179. Sien ook Grobler *LLM-Skripsie* 16-17.

20 Die *aanpassing* van die verteenwoordigingsreg is juis daarin geleë dat die prinsipaal (maatskappy) gebonde is ten spyte van die feit dat die maatskappyverteenwoordigers gebrekkige volmag het.

aanstelling van direkteure, sal *Artikel 36* nie van toepassing wees nie en sal die maatskappy geregtig wees om aanspreeklikheid, onderworpe aan die *Turquand-reël*, te ontken.[21] Die pas gesketste *aanpassing* van die verteenwoordigingsreg geld egter slegs binne die raamwerk van *Artikel 36*. Hierdie Artikel het die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* nie uitdruklik afgeskaf nie, maar enige werklike of toegerekende kennis betreffende die vermoë van die maatskappy (dit is die hoofdoelstellingsklousule in die Akte van Oprigting) het nou irrelevant geword. Laasgenoemde Leerstuk geld steeds ten opsigte van alle ander bepalings van die Konstitusie.[22]

Hieruit wil dit dus voorkom asof *Artikel 36* selfs *mala fide*[23] buitestaanders beskerm.

Voorgaande bespreking het betrekking op die *eksterne werking* van die *Ultra Vires-leerstuk*. Ten opsigte van die *interne werking* van hierdie Leerstuk, stem die posisie steeds ooreen met dié in die gemenereg. Die maatskappy behou sy beperkte vermoë en die maatskappy en die lede; of die lede en die direkteure, kan steeds in 'n regsgeding staatmaak op die gebrek aan die maatskappy se vermoë.

Daar is ook ander aspekte van hierdie artikel waaroor meningsverskil onder akademici bestaan; soos byvoorbeeld die gebruik van die woord "direkteure" (meervoud); asook die moontlikheid al dan nie om by wyse van 'n spesifieke bepaling in die Statute die

---

21 Oosthuizen 1979 *TSAR* 3. Die Turquand-reël het slegs betrekking op *Intra Vires-handelinge*. Sien verder Fourie (1990) 3 *Stell LR* 397.

22 Fourie (1988) *THRHR* 221; en Grobler *LLM-Skripsie* 18.

23 Meskin *Henochsberg On the Companies Act* (4e uitg 1985) Vol 1 55 herhaal nie die 3e uitg van hul handboek se standpunt dat *Artikel 36* se trefwydte beperk moet word tot gevalle waar die ander party *nie* geweet het dat die transaksie buite die vermoë van die maatskappy is, *nie*.

werking van *Artikel 36* te neutraliseer.[24] Hierdie meningsverskille sal nie hier ondersoek word nie, maar kan skrywer nie anders as om met De Wet en Yeats[25] saam te stem dat hierdie Artikel nie in alle opsigte 'n bevredigende oplossing bied nie.

Ten spyte van die wetgewer se ingryping, maak die *Ultra Vires-leerstuk,* net soos die *Leerstuk van Toegerekende Kennis*, steeds deel uit van die Suid-Afrikaanse Maatskappyereg. Prakties het die wetgewer in Engeland die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* afgeskaf.[26] Laasgenoemde Leerstuk gaan hand-aan-hand met die vermoë en bevoegdhede van die maatskappy; en wil dit ook nou voorkom asof die *Ultra Vires-leerstuk* die nekslag toegedien is. Dit het die Engelse wetgewer gedoen deur 'n nuwe Artikel 35 (1) tot die *Companies Act 1985* by wyse van Artikel 108 van die *Companies Act 1989*[27] te inkorporeer. Hierdie wysingings is hoofsaaklik gebaseer op die verslag deur Professor Prentice van die Universiteit van Oxford voorberei vir die Engelse regering (Department of Trade and Industry) gedurende 1986.[28 + 29]

---

24 Oosthuizen *Turquand-reël* 140; Oosthuizen 1979 *TSAR* 2; Fourie (1990) 3 *Stell LR* 392, 396; en Naudé (1974) 91 *SALJ* 334.

25 *Kontraktereg en Handelsreg* (4e uitg 1978) 549.

26 Sien Hoofstuk 3 hierbo.

27 Artikel 35 (1) lees as volg: "The validity of an act done by a company shall not be called into question on the ground of lack of capacity by reason of anything in the company's memorandum."
Verder maak sub-artikel (2) voorsiening vir die behoud van die individuele aandeelhouer se reg om 'n interdik teen die maatskappy te verkry om laasgenoemde te verbied om in stryd met die Konstitusie op te tree. Sub-artikel (3) bevestig op sy beurt die fidusiêre aanspreeklikheid van direkteure teenoor die maatskappy .

28 Sien Hoofstuk 3 Voetnota 36 hierbo.

29 Sien verder in die algemeen Sealy 1986 *Company Lawyer* 90; en Glass 1990 *Company Lawyer* 138-140.

Dit moet egter onthou word dat voordat die Engelse wetgewer bogenoemde wysigings aangebring het, die *Ultra Vires-leerstuk* alreeds 'n afgewaterde bestaan in die Engelse reg gevoer het.[30]

o O o

---

30 Byvoorbeeld het Artikel 35 van die *Companies Act 1985* se voorganger; naamlik Artikel 9 van die *European Communities Act 1972* die *Ultra Vires-leerstuk* tot 'n sekere mate afgeskaf. Sien ook in die algemeen oor hierdie Artikel, Oosthuizen *Turquand-reël* 128 e.v.; en Benade (1972) 35 *THRHR* 281-283. Asook Bastin (1972) 122 *New LJ* 1089-1990; Gower *Modern Company Law* (4e uitg 1979) 184-205; Farrar & Powles (1973) 36 *Modern LR* 270-277; Prentice (1973) 89 *LQR* 518-530; en Collier & Sealy (1973) 32 *Cambridge LJ* (Vol 1) 1-7.

## HOOFSTUK 6

## ESTOPPEL

Die *Leerstuk van Estoppel* word laastens ondersoek. Hier het 'n mens nie so seër met 'n *aanpassing* van die verteenwoordigingsreg te make nie, maar eerder 'n *uitbreiding* daarvan[1].

Die *uitbreiding* van die verteenwoordigingsreg is daarin geleë dat daar geen verhouding van prinsipaal (maatskappy) en verteenwoordiger in werklikheid bestaan nie; aangesien die verteenwoordiger oor geen *werklike volmag* beskik nie. Slegs 'n *skynvolmag* is aanwesig. Die eindresultaat is egter dieselfde deurdat die maatskappy gebonde is[2].

Die *Leerstuk van Estoppel* kom daarop neer dat die maatskappy verhoed sal word om gebondenheid te ontken, as die derde kon aantoon dat:-

(i) daar 'n *skuldige skynverwekking* deur die maatskappy was dat die verteenwoordiger wel die nodige volmag het om die maatskappy te bind;

---

1 Fridman *Law of Agency* 65-66. Oor die algemene houding van ons howe betreffende die resepsie van Engelse *Leerstuk van Estoppel* in ons reg, sien *Trustbank van Afrika Beperk v Eksteen* 1964 (3) SA 402 (A) per Steyn HR op 410H-411A; en Rabie *Estoppel in South Africa* 21 Voetnota 1 aldaar waar die skrywer as volg ten opsigte van hierdie leerstuk opmerk: "The English *Doctrine of Estoppel* by representation is thought to have originated in the English law of equity. Apparently it became part of the English common law during the first half of the 19th century".

2 Cilliers en Benade *Korporatiewe Reg* (2e uitg 1992) 190 Voetnota 4 en die gesag aldaar aangehaal.

(ii) die buitestaander *beweeg* is om te onderhandel as gevolg van die skynverwekking; en

(iii) die buitestaander tot sy *nadeel* gehandel het as gevolg van hierdie skyn.[3] [+ 4]

Hieruit is dit duidelik dat die maatskappy gebonde kan wees aan kontrakte namens hom gesluit waar *werklike volmag (uitdruklik of stilswyend)* ontbreek.

Du Plessis[5] gee myns insiens 'n raak beskrywing van die toepassing van hierdie Leerstuk in die maatskappyereg waar hy sê dat *Estoppel* as 'n laaste alternatief vir die gebondenheid van 'n maatskappy moet dien. Hierdie situasie sal hom voordoen waar die gebondenheid van die maatskappy nie aan die hand van die *Turquand-reël*[6] verklaar kan word nie; soos byvoorbeeld waar die verteenwoordiger opsigtelik sy *gebruiklike volmag* oorskry het, en die buitestaander ten spyte van die feit dat hy hierdeur op sy hoede geplaas is, versuim het om verdere ondersoek in te stel; of waar

---

3 Sien *Aris Enterprises (Finance) (Pty) Ltd* 1981 (3) SA 274 (A) per Corbett **AR** op 291 D - E: "The essence of the doctrine of estoppel by representation is that a person is precluded, i.e. estoppel, from denying the truth of a representation previously made by him to another person if the latter, believing in the truth of the representation, acted thereon to his prejudice." Sien ook Cilliers en Benade *Korporatiewe Reg* (2e uitg 1992) 187 en die gesag in Voetnota 1 aldaar aangehaal; Rabie *Estoppel in South Africa* 1 e.v; en Joubert LAWSA (Vol 9) para 367 e.v. (die voorganger van Rabie se handboek). Sien ook in die algemeen Möller *Die Vereistes vir 'n Suksesvolle Beroep op Estoppel in die Suid-Afrikaanse reg* 17 e.v.; en Van Dorsten *Directors* 137.

4 Vir die Engelsregtelike benadering op die gebied van maatskappyereg, sien *Freeman and Lockyer v Buckhurst Park Properties (Mangal) Ltd* [1964] 1 All ER 630 per Diplock **LJ** op 646 A - E waar hy 4 vereistes stel vir die gebondenheid van die maatskappy op grond van *Estoppel*; en Cilliers en Benade *Inleiding tot Maatskappyereg* 67 se opsomming hiervan.

5 (1991) 3 *SA Merc LJ* 305-306.

6 Sien Hoofstuk 4 hierbo.

die buitestaander met die maatskappy onderhandel het terwyl hy geweet het dat die maatskappyverteenwoordiger geen *werklike volmag* het nie.[7]

Ten einde suksesvol te wees met 'n pleit van *Estoppel*, moet die buitestaander alle vereistes, soos hierbo uiteengesit, bewys. En om te bepaal of aan al hierdie vereistes voldoen is, is feite vrae wat volgens die meriete van elke saak beoordeel moet word.

Soms kan die Leerstuk van *Estoppel* sowel as die *Turquand-reël* as grondslag van die aanspreeklikheid van die maatskappy dien[8]. Uiteraard sal die buitestaander eerstens poog om die maatskappy gebonde te hou deur hom op die *Turquand-reël* te beroep. Die rede hiervoor is dat hy 'n makliker bewyslas het as wanneer hy *Estoppel* sou pleit.[9]

---

7 Vanweë die *Beginsel van Openbaarmaking* en die Werking van die *Leerstuk van Toegerekende Kennis*, sal buitestaanders in sekere omstandighede nie eens *Estoppel* kan pleit ten einde die maatskappy gebonde te hou nie; aangesien die uitdruklike volmagbeperkinge (nie gekoppel aan enige voorvereistes nie) in die Statute die buitestaander eenvoudig toegeskryf word; byvoorbeeld: Waar die Statute uitdruklik bepaal dat slegs die direksie bevoeg is om geldlenings bo 'n bepaalde limiet te maak, mag geen buitestaander *Estoppel* opwerp en beweer dat die maatskappy 'n skyn verwek het; te wete dat 'n enkele direkteur die nodige volmag gehad het nie.
Sien verder Fourie (1988) 51 *THRHR* 219, waar hy Oosthuizen navolg en hierdie (belangrikste) funksie van die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* as volg omskryf: "om skynbare volmag wat in stryd met die publieke dokumente van die maatskappy is te ontsenu en daardeur die derde se beroep op estoppel uit te sluit."
Dat hierdie funksie verkeersbelemmerend inwerk op 'n buitestaanders se aanspraak om die maatskappy gebonde te hou op grond van *Estoppel*, kan nie betwyfel word nie.

8 Alhoewel verskeie skrywers aanvoer dat *Estoppel* die grondslag gevorm het van die gebondenheid van die maatskappy in *Freeman and Lockyer v Buckhurst Park Properties(Mangal)* Ltd [1964] 1 All ER 630, kan die *Turquand-reël* ook as grondslag dien. Sien ook Du Plessis (1991) 3 *SA Merc LJ* 295 en die gesag in Voetnota 81 aldaar aangehaal. Hierdie sienswyse word heelhuids oorgeneem in Cilliers en Benade *Korporatiewe Reg* (2e uitg 1992) 188.

9 Sien Hoofstuk 4 Voetnota19 hierbo.

Ten spyte van die feit dat die *Leerstuk van Estoppel* en die *Turquand-reël* langs mekaar in 'n gegewe situasie aanwending mag vind, moet hierdie twee Leerstukke duidelik van mekaar onderskei word. Terwyl eersgenoemde Leerstuk rondom 'n skuldige skynverwekking (nie noodwendig uit die Statute nie)[10] + [11] sentreer, is laasgenoemde leerstuk 'n selfstandige billikheidsreël van die verenigingsreg[12].

*Laastens* wil skrywer daarop wys dat dit nie altyd so maklik vir 'n buitestaander is om tussen 'n *Estoppel-situasie*, waar slegs sprake is van 'n *Skynvolmag (Ostensible Authority)*, en 'n situasie waar *Stilswyend Verleende Werklike Volmag (Implied Authority)* verleen is, te onderskei nie. In beide situasies sal die prinsipaal (maatskappy) gebonde wees en gevolglik is hierdie onderskeid van minder belang. Kahn[13] wys tereg egter daarop dat verskil geleë is in die verhouding tussen die prinsipaal (maatskappy) en verteenwoordiger; naamlik waar 'n verteenwoordiger sy volmag oorskry, maar die maatskappy word verhoed om die aanwesigheid van volmag te ontken, sal die maatskappy 'n regresreg teen die verteenwoordiger hê. Dit sal

---

10 Soos in die Freeman-saak in Hoofstuk 6 Voetnota 8 hierbo aangehaal. Sien ook Fourie (1988) 51 *THRHR* 219.

11 Dit is duidelik dat die skyn ook buite die statute verwek kan word. Dan speel die buitestaander se kennis van die statute geen rol nie; aangesien die skynverwekking elders ontstaan het. Die inhoud van die statute sal steeds ter sake bly vanweë die negatiewe werking van die *Leerstuk van Toegerekende Kennis*. Dit sal die geval wees waar die maatskappyverteenwoordiger 'n handeling verrig wat *normaalweg* met sy amp vereenselwigbaar is.
En Oosthuizen *Turquand-reël* 164 waar hy ten opsigte van gevalle waar maatskappy-verteenwoordiger *buitengewone bevoegdhede* uitoefen, sê "Vir 'n geslaagde beroep op *Estoppel* sal die misleide moet bewys dat hy die skyn waargeneem het en daardeur mislei is. En dit is onmoontlik as hy nie die statute gelees het of andersins kennis geneem het van die inhoud daarvan nie." (my kursivering) En ook 166: "Om effektief te wees moet die skyn uit twee komponente bestaan naamlik optrede deur die maatskappy wat daarop dui dat delegasie plaasgevind het en 'n magtigende bepaling te dien effekte in die statute."

12 Oosthuizen *Turquand-reël* 118-126; en Oosthuizen 1979 *TSAR* 5-9.

13 *Contract and Mercantile Law through the Cases* 324, soos aangehaal in Silke *Law of Agency* 443 Voetnota 11.

volgens gemelde skrywer nie die geval wees in 'n situasie waar *Stilswyend Verleende Werklike Volmag* verleen is nie.

o O o

## HOOFSTUK 7

## SLOT EN AANBEVELINGS

As regspersoon kan 'n maatskappy nie self aan die regsverkeer deelneem nie en moet deur middel van sy verteenwoordigers optree. Kragtens die Algemene Beginsels van Verteenwoordiging[1] sal 'n maatskappy slegs gebonde wees as die maatskappyverteenwoordigers binne die grense van hul onderskeie volmagte opgetree het. Die volmagte van hierdie verteenwoordigers, en die beperkings daarop, sal normaalweg deur die buitestaander in die publieke dokumente vasgestel kan word. Die volmagte van hierdie maatskappyverteenwoordigers kan uitdruklik of stilswyend deur die maatskappy verleen word.

Beskik hulle nie oor die nodige volmagte nie; of oorskry hulle hul volmagte, sal die maatskappy slegs op grond van *Estoppel* of ratifikasie gebonde wees.

Die Algemene Beginsels van Verteenwoordiging, hierbo geskets, moes egter *aangepas* en *uitgebrei* word as gevolg van die feit dat die prinsipaal (maatskappy) 'n fiktiewe entiteit is en nie self kan optree nie. Vanweë die aanwending van die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* en die *Turquand-reël* het die maatskappyereg sy eiesoortige karakter ontwikkel.

Ingevolge die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* word die buitestaander geag kennis te dra van enige beperkings op die volmagte van die maatskappyverteenwoordigers,

---

[1] Sien Hoofstuk 2 hierbo.

soos dit blyk uit die publieke dokumente. Maatskappyverteenwoordigers se volmagte word egter dikwels afhanklik gestel aan die nakoming van interne vereistes. Ten einde die buitestaander se ondersoekplig te beperk tot daardie aspekte waaraan publisiteit verleen is, word die *Turquand-reël*, met billikheid as grondslag, ontwerp. Hiervolgens is 'n buitestaander, wat te goeder trou *(bona fide)* met die maatskappy onderhandel, geregtig om aan te neem dat daar wel aan hierdie interne vereistes voldoen is. Sou dit later blyk dat die interne vereistes nie nagekom is nie, sal die maatskappy gebonde wees, selfs al is die maatskappyverteenwoordigers se volmagte gebrekkig.

Beide bogenoemde Engelsregtelike Leerstukke het inslag gevind in die Suid-Afrikaanse Maatskappyereg en geld steeds[2].

Die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* is verouderd; en nie in pas met die moderne sakewêreld nie. Die maatskappy se vrye deelname aan die regsverkeer word nadelig beïnvloed deurdat van elke buitestaander verwag word om eers die Konstitusie van die betrokke maatskappy, met wie hy wil onderhandel, by die Registrateur van Maatskappye te Pretoria, te raadpleeg. Maar selfs al raadpleeg die buitestaander die Konstitusie, sal hy nie veel wyser word nie; aangesien die volmagte van maatskappyverteenwoordigers soms in die notules van algemene vergaderings opgeteken word. Hiertoe het die buitestaander nie toegang nie[3].

---

2 Van Jaarsveld *Suid-Afrikaanse Handelsreg* (Vol II) 351-353; Grobler *LLM-Skripsie* 14-15; en Du Plessis (1991) 3 SA *Merc LJ* 281-282, 308.

3 Oosthuizen *Turquand-reël* 27-30.

Daarom dat verskeie akademici en skrywers hulle ten gunste van die afskaffing van hierdie Leerstuk uitgespreek het[4]. Dit is ook een van die Vaste Advies Komitee oor die Maatskappyereg se gestelde doelwitte.

Ek vereenselwig my met hierdie skrywers se standpunt deur aan te beveel dat bepalings soortgelyk aan Artikels 17[5] en 45[6] onderskeidelik, van die Wet op Beslote Korporasies, No. 69 van 1984, soos gewysig, in die Suid-Afrikaanse Maatskappyewet geïnkorporeer word.

In Engeland het die wetgewer alreeds hierdie Leerstuk die ban ingedoen deurdat hy Artikels 35B en 771A(1) en A(2)[7] onderskeidelik, by die *Companies Act 1985* geïnkorporeer het. Die voorgestelde wetswysigings in Suid-Afrika, sal ons Maatskappyewetgewing weer in lyn bring met dié in Engeland, wat op sy beurt sy eie wetgewing deurentyd in ooreenstemming met dié van lidlande van die Europese Ekonomiese Gemeenskappe (EEG) moet bring vanweë sy lidmaatskap hieraan.

---

4 Sien Hoofstuk 3 Voetnotas 25 + 26 + 27 hierbo.

5 Artikel 17 lees as volg: Niemand word geag kennis te dra van enige besonderhede nie bloot omdat sodanige besonderhede vermeld, of na verwys word, in 'n stigtingsverklaring of ander dokument betreffende 'n korporasie wat deur die registrateur geregistreer of by hom ingedien is, of wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet by die geregistreerde kantoor van die korporasie gehou word." (Hierdie Artikel toon ook duidelike ooreenstemming met Artikel 711A (1) van die Engelse *Companies Act 1985*, soos gewysig)

6 Artikel 45 lees as volg: "Geen persoon wat nie 'n lid van 'n korporasie is nie is, behalwe uit hoofde van 'n bepaling van hierdie Wet, geregtig om 'n samewerkingsooreenkoms ten opsigte van daardie korporasie in te sien nie, en geen persoon wat met die korporasie sake doen, word geag kennis te dra van enige besonderheid daarvan bloot omdat dit daarin vermeld of na verwys word nie, hetsy die ooreenkoms ooreenkomstig Artikel 44 (2) by die geregistreerde kantoor van die korporasie gehou word al dan nie."

7 Sien Hoofstuk 3 Voetnotas 33 + 34 + 35 hierbo vir die strekking van hierdie Artikels.

Net soos die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* en *Turquand-reël*, hierbo genoem, geld die *Ultra Vires-leerstuk* steeds in die Suid-Afrikaanse reg, hoewel die wetgewer deur *Artikel 36* in ons Maatskappyewet op te neem, gepoog het om die onderhandelinge met maatskappye of 'n meer aanvaarbare grondslag te plaas[8]. Die gevolg van hierdie Artikel is dat die buitestaander ten koste van die maatskappy beskerm word indien die maatskappy se optrede buite sy vermoë is. Dit is so omdat *Artikel 36* bepaal dat geen handeling van 'n maatskappy nietig is vanweë die feit dat sy handeling *Ultra Vires* is nie. Hierdie Artikel is nie in alle opsigte bevredigend nie[9].

Ook hier het die Suid-Afrikaanse Maatskappyereg agtergebly by sy Engelse eweknie. In Engeland het die wetgewer die *Ultra Vires-leerstuk* prakties afgeskaf deur die nuwe Artikel 35(1) in die Engelse *Companies Act 1985* op te neem. Hierdeur het die Engelse Maatskappyereg weer in lyn gekom met maatskappye-ontwikkelings in Australië, Nieu-Seeland, Kanada en die Verenigde State.

Hierdie wetswysigings het die gevolg dat die maatskappy teenoor buitestaanders onbelemmerde handelingsbevoegdheid, tot die mate waaarin dit vir 'n regspersoon moontlik is, en soortgelyk aan dié van 'n natuurlike persoon, verkry[10]. Hierdie is myns insiens die korrekte benadering; aangesien dit 'n eenvoudiger en prakties meer uitvoerbare grondslag neerlê wanneer 'n buitestaander met maatskappye onderhandel.

---

8 Van Jaarsveld *Suid-Afrikaanse Handelsreg* (Vol II) 344; en Grobler *LLM-Skripsie* 18.

9 De Wet en Yeats *Kontraktereg en Handelsreg* (4e uitgawe 1978) 549. Onder andere wil dit voorkom asof hierdie Artikel selfs *mala fide* buitestaanders beskerm, terwyl *bona fides* deurgans in die Engelse gemenereg as vereiste gestel word. Sien verder Hoofstuk 5 Voetnota 23 hierbo.

10 Uiteraard sal dit onmoontlik wees om 'n maatskappy; synde 'n fiktiewe entiteit in alle opsigte gelyk te stel aan 'n natuurlike persoon. 'n Maatskappy kan byvoorbeeld nie 'n graad verwerf; of as voog van'n minderjarige aangestel word nie. Sien ook Hoofstuk 5 Voetnota 3 hierbo.

Daarom beveel ek aan dat die *Ultra Vires-leerstuk* in die Suid-Afrikaanse Maatskappyereg afgeskaf word. Die onnodig komplekse en onduidelike Artikels 33, 34 en 36 moet gevolglik deur die wetgewer vervang word deur 'n Artikel soortgelyk aan Artikel 2(4)[11] van die Wet op Beslote Korporasies, hierbo genoem. Die maatskappy moet egter steeds 'n doelstellingsklousule in sy Akte van Oprigting hê ten einde lede en buitestaanders in staat te stel om kennis te neem van die terrein waarop die maatskappy beweeg. Dié klousule moet egter so bondig moontlik geformuleer word.

Artikel 65(2)[12] van ons Maatskappyewet, hierbo genoem, bevestig die kontraktuele aard van die Konstitusie tussen die maatskappy en sy lede *eendersyds*, en die lede onderling, *andersyds*[13]. Gevolglik sal enige lid van die maatskappy laasgenoemde kan dwing om by die Konstitusie, waarvan die doelstellingsklousule deel is, te hou. Dit sal hy kan doen, deur 'n interdik teen die maatskappy te verkry; of 'n verklarende bevel aan te vra.

'n Buitestaander verkry egter geen kontraktuele regte uit die Artikel 65(2)-kontrak nie omdat hy nie 'n kontraksparty daartoe is nie[14]. 'n Behoefte ontstaan nou om, in

---

11 Artikel 2 (4) lees as volg: " 'n Korporasie is beklee met die vermoë en bevoeghede van 'n ten volle handelingsbevoegde natuurlike persoon vir sover 'n regspersoon oor sodanige vermoë kan beskik en sodanige bevoegdhede kan uitoefen."

12 Artikel 65 (2) lees as volg: "Die akte en die statute bind die maatskappy en sy lede, in dieselfde mate asof dit onderskeidelik deur elke lid onderteken is, tot nakoming, behoudens die beperkings van hierdie wet, van al die bepalings van die akte en die statute."

13 Hierdie Artikel se Engelse eweknie is vervat in Artikel 14 (1) van die *Companies Act 1985*.

14 Sedert die Engelse beslissing *Hickman v Kent or Romney Marsh Sheepbreeders Association* [1915] 1 CH 881 op 897 en nagevolg in *Gohlke & Schneider v Westies Minerale (Edms) Bpk* 1970 (2) SA 685 (A) op 692. Sien ook Gower *Modern Company Law* (5e uitg 1992) 284.

afwesigheid van die *Ultra Vires-leerstuk*, beskerming aan die buitestaanders of krediteure te verleen teen moontlike onbeteuelde optrede deur die direksie betreffende die maatskappy se fondse.

Hier doen ek aan die hand dat, die wetgewer by wyse van 'n verdere wetswysing Artikel 65(2) sodanig uitbrei om ook voorsiening te maak vir buitestaanders of krediteure.

Bogenoemde Leerstukke en Artikels het hoofsaaklik te make met die *aanpassing* van die Algemene Beginsels van Verteenwoordiging om die maatskappy as afsonderlike regspersoon te pas. Hierdie algemene beginsels is ook *uitgebrei* deur die *Leerstuk van Estoppel*. Versuim aan die kant van die Engelse howe om 'n duidelike onderskeid te handhaaf tussen die *Turquand-reël* en *Estoppel*, as meganismes om 'n maatskappy gebonde te hou, het daartoe gelei dat die vereistes van *Estoppel* op die *Turquand-reël* oorgeplant is[15]. 'n Ontleding van die Suid-Afrikaanse en Engelse regspraak toon duidelik aan dat daar verwarring en onsekerheid oor die toepassing van die *Turquand-reël* bestaan.

Die afskaffing van die *Leerstuk van Toegerekende Kennis* sal tot 'n suiwer toepassing van die *Turquand-reël* aanleiding gee deurdat buitestaanders se veronderstelde kennis betreffende die inhoud van die publieke dokumente nie meer hul *bona fides* sal ontsenu nie[16]. Só 'n afskaffing sal nie die verdwyning van die *Turquand-reël* tot gevolg

15 Sien byvoorbeeld sake soos *Kreditbank Cassel GmbH v Schenkers* [1927] 1 KB 826 (CA); en *Houghton and Co v Nothard, Lowe and Wills* [1927] 1 KB 246 (CA).

16 Soos Oosthuizen *Turquand-reël* 430-431 oortuigend aanbeveel.

hê nie. Daar is ook steeds 'n behoefte in die praktyk vir hierdie reël omdat talle interne onreëlmatighede in die praktyk; byvoorbeeld die gebrekkige kennisgewing van vergaderings en gebrekkige kworums steeds voorkom en nie deur buitestaanders raakgesien sal word indien hulle die publieke dokumente raadpleeg nie. Daarby sal die kwalifikasies en verdere afbakenings op die *Turquand-reël*, soos deur Oosthuizen[17] aanbeveel, en waarmee ek my vereenselwig, nie tot 'n oewerlose aanspreeklikheid van die maatskappy aanleiding gee nie. Addisioneel hiertoe, moet die *Turquand-reël* deurgans as 'n selfstandige regsreël gesien word, en nie bloot 'n verskyningsvorm van *Estoppel* nie[18].

'n Gulde geleentheid sal hom einde Julie 1993 voordoen wanneer akademici en regslui regoor Suid-Afrika die geleentheid gebied sal word om bogenoemde aspekte en nog baie meer, tydens 'n Internasionale Konferensie[19] in Johannesburg indringend, te bespreek. Dit kan vir beide die sakeman en praktisyn baie belangrike implikasies inhou.

o O o

---

17 *Turquand-reël* 125; 428; en 1979 *TSAR* 10-11.

18 Soos uitdruklik in *The Workers' Union v Prinsloo* 1948 (3) 831 (A) beslis is.

19 Te Carlton Hotel, 23-31 Julie 1993, met die titel "Future Development of South-African Corporate Law".

# BIBLIOGRAFIE

## 1 TESISSE


Benade **M** L — *Die Ultra Vires-leerstuk in die Maatskappyereg* LLD-Proefskrif Universiteit van Suid-Afrika (1964). (Aangehaal as Benade *Ultra Vires-leerstuk)*

Grobler **M** E — *'n Ondersoek na die voortgesette behoud van die Leertuk van Toegerekende Kennis in die Maatskappyereg* LLM-Skripsie Universiteit van Suid-Afrika (1988). (Aangehaal as Grobler *LLM-Skripsie)*

Möller **M J** — *Die vereistes vir 'n suksesvolle beroep op Estoppel in die Suid-Afrikaanse Reg* LLB-Skripsie Universiteit van Oranje-Vrystaat (1983).

Oosthuizen **M J** — *Die Turquand-reël in die Suid-Afrikaanse Maatskappyereg* LLD-Proefskrif Universiteit van Suid-Afrika (1976). (Aangehaal as Oosthuizen *Turquand-reël)*

Van Jaarsveld **S R** — *Die Leerstuk van Ratifikasie in die Suid-Afrikaanse Verteenwoordigingsreg*. LLD-Proefskrif Universiteit van Pretoria (1974).

## 2 HANDBOEKE

### 2.1 SUID-AFRIKAANSE SKRYWERS


| | |
|---|---|
| Beuthin R C en Luiz S M | *Basic Company Law* 2de uitgawe Butterworths Durban 1992. |
| Cilliers H S en Benade M L | *Corporate Law* 1ste uitgawe Butterworths Durban 1968. |
| Cilliers H S, e.a. (Reds) | *Maatskappyereg* 4de uitgawe Butterworths Durban 1982. |
| Cilliers H S en Benade M L | *Inleiding tot Maatskappyereg* 1ste uitgawe Butterworths Durban 1985. |
| Cilliers H S, e.a. (Reds) | *Korporatiewe Reg* 1ste uitgawe Butterworths Durban 1987. |
| Cilliers H S, e.a. (Reds) | *Korporatiewe Reg* 2de uitgawe Butterworths Durban 1992. |
| De Wet J C en Van Wyk A H | *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg* 4de uitgawe Butterworths Durban 1978. (Aangehaal as De Wet en Yeats *Kontraktereg en Handelsreg)* |
| De Wet J C en Van Wyk A H | *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg* (Vol I) 5de uitgawe Butterworths Durban 1992. (Aangehaal as De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg)* |
| Havenga P, e.a. | *General Principles of Commercial Law* 1ste uitgawe Juta en Kie Beperk Kaapstad 1992. |
| Hiemstra V G | *Suid-Afrikaanse Strafproses* 4de uitgawe Butterworths Durban 1987. |
| Hutchinson D, e.a. | *Wille's Principles of South African Law* 8ste uitgawe Juta en Kie Beperk Kaapstad 1991. |
| Kerr A J | *The Law of Agency* 3de uitgawe Butterworths Durban 1991. (Aangehaal as Kerr *Law of Agency)* |

Meskin P M — *Henochsberg on the Companies Act* (Vol 1) 4de uitgawe Butterworths Durban 1985.

Pretorius J T, e.a. (Reds) — *Hahlo's South African Company Law through the Cases: A Source Book* 5de uitgawe Juta en Kie Beperk Kaapstad 1991. (Aangehaal as *Hahlo's South African Company Law through the Cases*)

Rabie P J — *The Law of Estoppel in South Africa* 1ste uitgawe Butterworths Durban 1992. (Aangehaal as Rabie *Estoppel in South Africa)*

Silke J M — *The Law of Agency in South Africa* 3de uitgawe Juta en Kie Beperk Kaapstad 1981 (voorheen bekend as De Villiers en MacIntosh). (Aangehaal as Silke *Law of Agency)*

Van Dorsten J L — *Rights, Powers and Duties of Directors* 1ste uitgawe Obiter Publishers BK Sandton 1990. (Aangehaal as Van Dorsten *Directors)*

Van Jaasveld S R, e.a. (Red) — *Suid-Afrikaanse Handelsreg* (Vol I en II) 3de uitgawe Lex Patria Johannesburg 1988.

## 2.2 ENGELSE SKRYWERS


| | |
|---|---|
| Fridman G H L | *The Law of Agency* 4de uitgawe Butterworths London 1976. (Aangehaal as Fridman *Law of Agency)* |
| Gower L C B e.a. | *Gower's Principles of Modern Company Law* 4de uitgawe Stevens and Sons London 1979. (Aangehaal as Gower *Modern Company Law*) |
| Gower L C B e.a. | *Gower's Principles of Modern Company Law* 5de uitgawe Sweet and Maxwell London 1992. (Aangehaal as Gower *Modern Company Law)* |
| Halsbury | *The Laws of England* (Deur Lord Hailsham) (Vol 1) 4de uitgawe, London, 1954. (Aangehaal as *Halsbury's Laws of England)* |
| Morse G e.a. | *The Companies Act 1989: Text and Commentary* Sweet and Maxwell London 1990. (Aangehaal as *The Companies Act 1989)* |
| Pennington R R | *Company Law* 5de uitgawe Butterworths London 1985. |
| Schmitthof C M e.a. (Red) | *Palmer's Company Law* (Vol 1) Stevens and Sons London 1987. (Aangehaal as Palmer *Company Law)* |
| Sykes R e.a. (Red) | *Gore-Browne on Companies* (Vol 1) 44ste uitgawe Jordan and Sons Limited London 1989. (Aangehaal as Gore-Browne *On Companies)* |

# 3 TYDSKRIFTE

## 3.1 SUID-AFRIKAANSE SKRYWERS


| | |
|---|---|
| Benade **M** L | "Opmerkings oor die Turquand-reël" (1962) 25 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 194. |
| Benade **M** L | "Exit Ultra Vires" (1972) 35 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 281. |
| Blackman **M** S | "The Capacity, Powers and Purposes of Companies: The Commission and the New Companies Act" (1975) 8 *Comparative and International Law Journal of South Africa* 1. |
| De La Rey E **M** | "Aspekte van die vroeë Maatskappyereg: 'n Vergelykende oorsig" (Deel 1) 1986 *Codicillus* 4; (Slot) 1986 *Codicillus* 18. |
| Du Plessis J J | "Binnestaanders en die Turquand-reël" (1991) 54 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 794. |
| Du Plessis J J | "Maatskappygebondenheid vir die Optrede van Ongemagtigde Maatskappy Funksionarisse" (1991) 3 *SA Mercantile Law Journal* 281. |
| Fourie J S A | "Die Wisselwerking tussen Suid-Afrikaanse Maatskappyeregleerstukke" (1988) 51 *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 218. |
| Fourie J S A | "Volmagbeperkinge en Ultra Vires-handelinge - Aspekte van Artikel 36 van die Maatskappyewet in oënskou" (1990) 3 *Stellenbosch Law Review* 388. |

Henning J J — "Die Aanspreeklikheid van 'n Beslote Korporasies vir die handelinge van 'n lid en enkele ander aspekte van Eksterne Verhoudings" (1984) 9 *Tydskrif vir Regswetenskap* 155.

Henning J J — "Aspekte van die Verteenwoordiging van 'n Beslote Korporasie" (Deel 1) 1985 *De Rebus* 641 en (Deel 2) 1986 *De Rebus* 73.

Joubert W A (Red) — *The Law of South Africa* (Vol 1, 4 en 9) Butterworths Durban 1976 en 1979. (Vol 1: Verteenwoordigingsreg; Vol 4: Maatskappyereg deur de Wet J C en Vol 9: *Estoppel* deur Rabie P J (Aangehaal as Joubert *LAWSA* (Vol 1), ens.)

Kahn E — "The Agent by Appearance" (1975) 4 *Business Man's Law* 65.

Kiggundu J — "The never ending story of Ultra Vires" (1991) 24 *Comparative and International Law Journal of South Africa* 1.

Kotzé H — "Gebruiklike Volmag" (1986) 5 *Responsa Meridiana* 123.

McLennan J S — "Dealing with a Company" 1975 *Businessman's Law* (Part III) 185.

McLennan J S — "The Ultra Vires Doctrine and the Turquand Rule in Company Law - A suggested Solution" (1979) 96 *South African Law Journal* 329.

McLennan J S — "Demise of the Constructive Notice Doctrine in England" (1986) 103 *South African Law Journal* 558.

Naudé S J — " 'n Nuwe Benadering tot die Funksie van die Maatskappydoelstellings" (1971) 88 *South African Law Journal* 505.

Naudé S J — "Company Contracts: The Effect of Section 36 of the New Act" (1974) 91 *South African Law Journal* 315.

Oosthuizen **M J** "Aanpassing van die Verteenwoordigingsreg in Maatskappyverband" 1979 *Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg* 1.

Oosthuizen **M J** "Die Turquand-reël as Reël van die Verenigingsreg" 1977 *Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg* 210.

Venter **A A** "Die Ontstaan en Eienskappe van die Wet op Beslote Korporasies" (1984) 9 *Tydskrif vir Regswetenskap* 109.

Viljoen **J** "Die Storie van Afrikaans as Regstaal" 1992 *De Jure* 439.

Wunsh **B** "Companies: Authority of Representatives and Minutes" 1975 *De Rebus* 315.

## 3.2 ENGELSE SKRYWERS


| | |
|---|---|
| Bastin N A | "Ultra Vires and the European Communities Act" (1972) 122 *New Law Journal* 1089. |
| Collier J G en Sealy L S | "European Communities Act 1972 - Company Law" (1973) 32 *Cambridge Law Journal* 1. |
| Dewey J | "The Historic Background of Corporate Legal Personality" (1926) 35 *Yale Law Journal* 655. |
| Farrar J H en Powles D G | "The Effect of Section 9 of the European Communities Act 1972 on English Company Law" (1973) *Modern Law Review* 20. |
| Glass D S | "'Ultra Vires' - the saga continues" 1990 *Company Lawyer* 138. |
| Prentice D D | "Section 9 of the European Communities Act" (1973) *Law Quaterly Review* 518. |
| Sealy L | "The 'Disclosure Philosophy' and Company Law Reform" 1981 *Company Lawyer* 51. |
| Sealy L | "The bell tolls for *Ultra Vires*" 1986 *Company Lawyer* 90. |
| Striebel A | "The Ostensible Powers of Directors" 1933 *The Law Quaterly Review* 350. |

# 4 BESLISSINGS

## 4.1 SUID-AFRIKAANSE BESLISSINGS

*Aris Enterprizes (Finance) (Pty) Ltd v Protea Assurance Co Ltd* 1981 (3) SA 274 (A).

*Blower v Van Noorden* 1909 TS 890.

*Dadoo v Krugersdorp Municipal Council* 1920 AD 530.

*Gohlke & Schneider v Westies Minerale (Edms) Bpk* 1970 (2) SA 685 (A).

*Inter Continental Finance and Leasing Corporation (Pty) Ltd v Stands 56 and 57 Industria* 1979 (3) SA 740 (W).

*Lategan v Boyes* 1980 (4) SA 191 (T).

*Mine Workers' Union v Prinsloo* 1948 (3) SA 831 (A).

*Mohamed v Ravat Bombay House (Pty) Ltd* 1958 (4) SA 704 (T).

*National Overseas Distributors Corporation (Pty) Ltd v Potato Board* 1958 (2) SA 473 (A).

*Trustbank van Afrika Beperk v Eksteen* 1964 (3) SA 402 (A).

*Tucker's Land and Development Corporation (Pty) Ltd v Perpellief* 1978 (2) SA 11 (T).

*Wolpert v Uitzigt Properties (Pty) Ltd* 1961 (2) SA 257 (W).

## 4.2 ENGELSE BESLISSINGS

*Ashbury Railway Carriage and Iron Co v Riche* [1875] LR 7 HL 653.

*Cotman v Brougham* [1918] AC 514.

*Ebeed v Soplex Wholesale Supplies Ltd and PS Refson & Co Ltd* 1985 BLLC 404 (CA).

*Ernest v Nicholls* [1857] 6 HL 401.

*Freeman & Lockyer v Buckhurst Park Properties (Mangal) Ltd* [1964] 1 All ER 630.

*Hely-Hutchinson v Brayhead Ltd* [1968] 1 QB 549.

*Hickman v Kent or Romney Marsh Sheepbreeders Association* [1915] 1 Ch 881.

*Houghton and Co v Nothard, Lowe and Wills Ltd* [1927] 1 KB 246.

*Kreditbank Cassel GmbH v Schenkers* [1927] 1 KB 826 (CA).

*Rama Corporation Ltd v Proved Tin and General Investments* [1952] All ER 544.

*Rolled Steel Products (Holdings) Ltd v British Steel Corporation* 1985 (3) All ER 52 (CA).

*Royal British Bank Turquand* [1856] 6 E & B 327.

*Smith v The Hull Glass Company* [1852] 11 CB 897.

*Solomon v Salomon* [1897] AC 22.

# 5 WETGEWING

## 5.1 SUID-AFRIKAANSE WETGEWING

Maatskappyewet, No. 61 van 1973, soos gewysig.

Strafproseswet, No. 51 van 1977, soos gewysig.

Wet op Beslote Korporasies, No. 69 van 1984, soos gewysig.

## 5.2 ENGELSE WETGEWING

*Companies Act 1985*, soos gewysig.

*Companies Act 1989*.

# 6 VERSLAE

## 6.1 SUID-AFRIKAANSE VERSLAE

Die Vaste Advieskomitee oor die Maatskappyereg se beleidsverklaring, gedateer 8 Februarie 1985 en gepubliseer in 1985 (Februarie) *De Rebus*.

*Hoofverslag van die Kommissie van Ondersoek na die Maatskappyewet* RP 45/1970 (bekend as die Van Wyk de Vries Kommmissie) (Aangehaal as *Hoofverslag)*

*Jaarverslag deur die Registrateur van Maatskappye* ingevolge Artikel 11 van die Maatskappyewet gedateer 30 Januarie 1992. (Aangehaal as *Jaarverslag)*

## 6.2 ENGELSE VERSLAE

Reform of the Ultra Vires Rule Prentice **D D** Department of Trade and Industry London 1986.

Report of the Company Law Committee Cmnd 1749/1962. (Aangehaal as die Jenkins-kommissie)

Report of the Committee on Company Law Amendment Cmnd 6659/1945. (Aangehaal as die Cohen-kommissie)

## 7 KOERANTE

*Cape Times*, 15 Maart 1993, 10:3.

*Cape Times*, 18 Maart 1993, 13:2.

*Die Burger*, 25 Maart 1993, 7:1.